

Die Nederlandse slot-en in Afrikaans.

J. A. Verhage.

Skripsie aangebied ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad M.A. in Nederlands en Afrikaans aan die Universiteit van Kaapstad.

---

1946.

The copyright of this thesis is held by the University of Cape Town.  
Reproduction of the whole or any part may be made for study purposes only, and not for publication.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

## Inhoud

Bladsy ?

- I. Inleiding
2. Selfstandige Naamwoorde
  - (a) Groepe van I - I2
  - (b) Eiename
  - (c) Snww. in die mv.
  - (d) Samevatting
3. Byvoeglike Naamwoorde
  - (a) Die sterk verlede deelwoorde
  - (b) Stoflike bnww.
  - (c) Gewone bnww.
  - (d) Samevatting
4. Partikels
5. Werkwoorde
  - (a) Die infinitief in afr.
  - (b) Indeling van ww.
  - (c) Groepe van I-9
  - (d) Groepe van IO-I5
  - (e) Groepe van I6-I8
6. Uitkoms van Studie.

## Afkortinge

- Ndl.Wdbk. = Woordenboek der Nederlandsche Taal
- Wdbk.B.v.d.M. = Tweetalige Woordeboek deur Prof.D.B.Bosman  
en I.W.v.d.Merwe, M.A.
- Wd.lys = Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (1937) van  
die S.A. Akademie .

## Die Nederlandse slot-en in Afrikaans

In 'n studie getitel: " 'n Onderzoek na die gevelariseerde -ing in Afrikaans "(De Nieuwe Taalgids, 31ste Jrg.) het Prof. D. B. Bosman aangetoon hoe onder bepaalde omstandighede die Ndl. slot-en tot -ng oorgaan. By die eerste van die vier woordgroepe wat bespreek word, is die oorgang die gevolg van dissimilasie, terwyl by die res oor die algemeen suffikssubstitusie die vernaamste rol speel.

Onderaan bl. 62 skryf Prof. Bosman: "Afgesien van die engere kwessie van velarisering en suffikssubstitusie, waarmee ons ons hier besig hou, res daar nog die brée kwessie van die verlies of reduksie van die slot-en in Afr. en - wat reduksie tot -e betref, ook in Ndl." En dit is hierdie kwessie van die verlies of reduksie van die Ndl. slot-en in Afr. wat ek in my verhandeling aan 'n nadere ondersoek wil onderwerp.

Aangaande die 'reduksie tot -e in Ndl. ' sê Schönfeld: "Een nauwkeurig onderzoek van de zwakbetoonde uitgangen zou in't algemeen zeer wenselik zyn. (Historiese Grammatika, bl. 105) Dat die saak nog nie die onderwerp van 'n werklik brée en diepgaande studie in Ndl. uitmaak het, nie, saam met die feit dat die Ndl. Wdbk. nie die -en-uitgang behandel nie, is bepaald jammer.

Dat die nasaal van die -en-uitgang in Wes-Nederland (behalwe in sekere dele van Zeeland) nie meer uitgespreek word nie, is algemeen bekend. Daar is trouens oorgenoeg bevestiging vir hierdie feit van Ndl. taalkundiges. So skryf Prof. C. G. N de Vooy: "----terwyl hy toch weet dat van die beschaafd-sprekende Nederlanders --- vooral in het normgevende gedeelte van ons land --- de overgrootste meerderheid als regel infinitieven en meervouden op -e gebruikt." (Verzamelde Taalkundige Opstellen Dl. II, bl. 127) En by Overdiep lees ons: "In het Hollandsch wordt de -n aan't eind van een woord op -en niet uitgesproken," --- en verder --- "Zonderen we de ingewikkelde

buigings -n uit, dan komen vooral in aanmerking de meervouds -en van substantieven en van werkwoorden, de -en van den infinitief en van het sterke participium" (Stilistische Grammatica, bl. 152). Min of meer dieselfde word vermeld deur Blancquaert (Practische Uitspraakleer van de Ndl. Taal, bl. 109), Roorda (De Klankleer en hare practische Toepassing, bl. 175), Zwaardemaker en Eykman (Phonetiek, bl. 236), terwyl Boekenoogen nog byvoeg: "ons dialect (nl. Noord-Hollands) gaat in dit opzicht veel verder dan de algemeene spreektaal" (De Zaaansche Volkstaal, bl. L.).

En dat dit nie 'n ontwikkeling van jonge datum is nie, leer ons uit Beets se Leven van Van der Palm (bl. 81) waar hy sê: "Het denkbeeld om de -n aan het eind van den uitgang op -en (tenzy voor een vokaal) te hooren, ---- waarvan elk Hollandsch oor walgt, was nooit by hem opgekomen." En verder nog: "De oudere dichters der 17<sup>de</sup> eeuw lieten de -n ook in druk niet zelden weg" (bl. .) As een van die ouere digters noem ek hier Bredero, by wie dit besonder duidelik is "dat de nasaal van den uitgang -en, tenzy voor een met vocaal aanvangend woord staande, in de spreektaal niet meer gehoord werd." (G. Nauta: Taalkundige Aanteekeningen naar aanleiding van de Werken van Bredero, bl. 29) En dat die slot-en reeds in die Middeleeuse uitspraak in die gedrang gekom het, "geht daraus hervor, dass -e und -en gelegentlich reimen" (Viljoen: Beiträge, bl. 27), vernaamlik by slepende rym.

Die verswakte betoning van die slot-en was hoofsaaklik 'n gevolg van die feit dat instede van 'n idg. vry ekspiatoriese woordaksent die klemtoon vooraan oorheersend word en die stamsillabe, wat in die reël die eerste was, die hooftoon kry, sodat "alles was dem Sprachgeföhle nicht als Wurzelsilbe erscheint, im weitgehenden Grade der Verflüchtigung ausgesetzt ist" (Franck: Mittelniederländische Grammatik, bl. 9), met die resultaat dat die

minder geaksentueerde lettergreep verswak, verander of uitgestoot is. Slotmedeklinkers val af en die klinkers vir sover hulle nie verdwyn nie, verswak tot die neutrale -e, 'n proses wat nog steeds voortduur en veral in Afr. vanweë besondere omstandighede versnel is en 'n stappie verder gegaan het. Afrikaans tog word gekenmerk deur slap spierspanning, wat as gevolg het "dat die klanke enigszins dof, minder skerp, minder helder, x neutraal klink" (Le Roux en Pienaar: Afrikaans<sup>l</sup> Fonetiek, bl. 45.) Met die afname van die musikale betoning het alreeds in Germaans 'n verminderde stembandspanning ingetree; voeg hierby die slap spierspanning van Afrikaans en dit hoef niemand te verwonder dat 'n reeds neutrale -e verder gereduseer is nie.

Tenslotte wil ek nog daarop wys dat onder die primitiewe sosiale toestande in die vroeë jare aan die Kaap die kindertaal met al sy vereenvoudiging 'n groter vat op die taal gehad het as gewoonlik (vgl. Bosman: Oor die Ontstaan van Afrikaans, bl. 148.) En wat gebeur met die slotlettergreep by kinders vertel van Ginneken in De Roman van een Kleuter (bl. 211): "Ook duurt nog altyd de gewoonte voort, om silben met weinig of geen nadruk eenvoudig niet te hooren of maar vaag te hooren, en dus vanzelf niet na te zeggen" ----- en verder op bl. 212: "Maar ook op het einde van het woord is dit algemeen. Keesje zegt voor gisteren- gister, peutere~~n~~ - peute, andere-anne ens. Ook wy maken ons van de ongeaccentueerde eindsilben al heel gemakkelyk af."

As ons saam met die invloed van Ndl. lerende vreemdelinge al die bogenoemde faktore in oënskou neem, hoef verdere afslyting van 'n swak betoonde uitgang seker geen bevreemding te wek nie, maar staan ons eerder verbaas dat daar nog soveel van bewaar gebly het. Inderdaad sal dit soms moeiliker blyk om die behoud as om die wegval van sekere slotklanke te verklaar.

Die stof wat ek hieronder bespreek, wil ek verdeel in Naamwoorde en Werkwoorde, terwyl eersgenoemde weer onderverdeel word in: selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde en partikels, wat ~~ek~~ elkeen verder groepeer <sup>word</sup> volgens die aan die slot-en voorafgaande konsonant aangesien dié in meerdere of mindere mate invloed uitgeoefen het op die voortbestaan, wysiging of wegval van die uitgang.

#### Die Selfstandige Naamwoorde.

*vgl. die hoofstuk  
die ondersoek op p. 17.*

Hoewel die infinitief, wat nou volgens Jespersen (Philosophy of Grammar, bl. 139) algemeen beskou word as die versteende naamvalsvorm van 'n ou verbaal-substantief, saam met die participium, eintlik 'n intermedieë klas tussen nomina en verba vorm, wil ek onder die snw. ook reken sodanige infinitiewe wat deur veelvuldige substantiviese gebruik hulle verbale betekenis geheel en al verloor het; temeer nog omdat dit daar duidelik blyk dat by die selfstandige gebruikte onbepaalde wys 'n -e vanweë sy funksionele waarde behou word, waar dit by die infinitief verdwyn: bv. vertroue (snw.)- vertrou (ww.). ete -eet, verlange-verlang, vermoede-vermoed, wete-weet. Ook sommige van hierdie gesubstantiveerde infinitiewe mag daar twyfel wees; die Afrikaanse Woordelys van die Akademie, nog die Tweetalige Woordeboek van Bosman en van der Merwe gee bv. troue of strewe as snw. aan, hoewel hulle vir my gevoel eweveel aanspraak daarop het as vertroue, voorneme en behae, en meer nog as: inkome, heenkome of aftrede. Ons praat van 'n groot troue, voor en na my troue, waarby troue gelyk staan met huwelik. Nog duideliker blyk dit by strewe in 'n sin soos: Dit was nog steeds die strewe van die kommissie. (vgl. Overdiep, Stilistiese Gram. bl. 352: "Het streven van die kommissie valt toe te juichen, "waarby hy opmerk: "de inf. begint volslagen subst. te worden".) Herhaal-

delik kom 'n mens in die dagblad 'n sin teë as: "Dit is die doel en strewe van die koerant."

Verder wil ek by die snw. insluit soortgelyke woorde wat ook as ander rededele voorkom of oorspronklikegeen snw. was nie, soos bv.: linne (oorspr. bv. nw.), hede (oorspr. bw.), Noorde en Suide (oorspr. bw.) e.d. Indien die woorde in 'n ander funksieklas besonder afwykinge vertoon, sal hulle daar met die nodige verwysinge aangegee word.

Groep 1: woorde op -den

Heiden, gulden, midden, reden, Noorden, Zuiden, heden, verleden, medelyden, vermoeden, optreden, intreden, af-treden. Hierdie woorde word in Ndl. wel met slot-n geskryf, maar daarsonder uitgespreek, behalwe heiden wat ek al dikwels met -n gehoor het, sodat ons hier al besonder min afwyking<sup>van</sup> Ndl. het.

heiden- Dat die slot-n in Afr. bewaar is, kan as gevolg van bybelinvloed wees. Soos hierdie<sup>be</sup> opgemerk kom die -n ook in die Hollandse spreektaal voor.

Naas heiden hoor ons in die Afr. spreektaal ook heiding. (sien Prof. Bosman se artikel, bl. 62.)

gulden of gulde. Die Ndl. geldstuk is nie hier in omloop nie, die woord kom dus uiteraard selde voor, sodat die -n net so min kon afslyt soos die munt. Die wat gulden gebruik, gaan waarskynlik agter die spelling aan, terwyl die wat gulde sê na analogie van ander woorde die -n weglaat of die Hollandse uitspraak volg of hulself welig onbewus na die voorbeeld van gulde in: gulde geleentheid rig.

Midden By die woord midden (Afr. midde) wat as snw.

naas midden as bnw. ontstaan het na analogie van middel (snw.), merk die Ndl. Wdbk. (IX 683) op dat midde voorkom "als de vorm die in het Hollandsch uit midden ontstond of -minder waarskynlik naar analogie van het bnw. in samestellingen." In samestellinge is dit altyd midde: Midde-Europa (gewoonlik middel), middeweg en midde-in

(dus ook voor vokaal.)

Die Afr. midde kan dus heel goed 'n Hollandse leenvorm wees.

medelyden - Afr. medelye en daarnaas medelydé, die deftiger vorm, wat deurgaans in die bybel gebesig word.

Medelye is ook die Holl. spreektaelvorm (sien Ndl. Wdbk. op medelyden.)

optreden, aftreden en intreden. Die Afr. vorme het nie die slot-n nie. Die -d is hier waarskynlik gehandhaaf omdat die snw. anders volkome met die grondwoord sou saamval. Intree soos in intreegeld kom uit Fr. entrée. (sien Ndl. Wdbk. op intreden.)

vermoeden, Afr. vermoede, soms vermoeding, wat ek o.a. teëgekrom het in die prosa van Dr. D. F. Malherbe en Eugène Marais. (sien verder Prof. Bosman se artikel bl. 68.)

Soos hierbo opgemerk is slot-e by die gesubst. infe. bewaar, omdat by apokopé die snw. geheel en al sou saamval met die inf. en hulle sintakties nie maklik van die ww. (wat in Afr. geen pers.vorm het nie) en die inf. te skei sou wees nie. Die behoefte aan die -e word hier duidelik gevoel en sodoende bly dit behou vanweë die funksionele waarde (vgl. ook van Haeringense artikel: "Opm. by de Apocopé van -e" in De Nieuwe Taalgids, 31ste Jrg., bl. 244)

Groep 2: woorde op -gen

wagen, regen, zegen, leugen, degen, morgen, welslagen, genoegen, geheugen, vermogen, behagen, mededogen, zwygen.

Al hierdie woorde het -g gesinkopeer en behalwe regen, zegen, leugen en degen ook slot-n verloor.

wagen-wa. Die Hollandse wage gaan deur sinkopee van -g oor tot wae en daarvan tot wa. Veral by ww. is die oorgang 'n algemene verskynsel: klage-klae-kla vrage-vrae-vra, drage-drae-dra e.a. Hier is dus algehele verlies van slot-en.

Die mv. behou egter die -en, waens en ook een samestelling waenhuis. In alle andere samestellings het -en verdwyn:

wa-as, waband, wawiel, wakis, wamaker, watent, wapad,  
ens. dus ook voor vokaal.

Uit die behoud van die -en by die mv. blyk dit dat  
Afr. in hierdie opsig nie sover soos die Zaanse Volks-  
taal gaan nie, waarin bv. mv.vorme voorkom soos:

harses, moles, en wapes.

Die behoud van -n voor die halfvokaal -h kom in Afr.  
dikwels voor; ons sien dit by alle abstrakta met die  
suffiks -heid: tevredenheid, geslepenheid, gebroken-  
heid, en ook in boekenhout en olienhout (olivenhout.)

Die -n kan hier as oorgangsklank beskou word, terwyl  
by mense wat die -h nie uitspreek nie, soos bv. in  
olienhout, -h aan die voorafgaande medeklinker geas-  
simileer is (sien ook Afr. Fon., bl. 158.). Te Winkel  
wys daarop dat, wanneer toonlose -e gevolg word deur 'n  
klinker of -h, die welluidendheid 'n -n vereis, soos in  
beukenhout (Grammatische Figuren, bl. 286 .)

Voor 'n klinker gaan dit in Afr. in elk geval nie op nie,  
want waar Ndl. galgenaas en duivenei het, kom ons in Afr.  
sonder die -n klaar. (vgl. wa-as) Wel het ons samest.  
soos hartenaas, ruitenaas en skoppenaas, maar daarnaas  
is die vorme sonder -n ewe gebruiklik.

Dieselfde kwessie word deur Dr. van Lessen aangeroer in  
Samegestelde Snw. in 't Ndl. (bl. 10). Sy wys daar op  
dat beukenhout bv. wel die -n het, maar beukeboom weer  
nie, In hierdie samestelling bestaande uit adj. + subst.  
(adj. boekyn), is die adj. met die volgende subst. tot  
een geheel vergroei, maar die vorm het nie altyd dieselfde  
gebly nie. Sy skryf dit toe aan 'n fonetiese oorsaak  
en meen dat -n voor -h 'n maklike oorgangsklank skyn te  
wees. As bewys daarvoor voer sy die woord heerenhuis  
aan, wat in alle Ndl. dialekte die -n behou het.

Ook vir Afr. kan ons m.i. dieselfde verklaring aanneem,  
veral as ons dink aan 'n voorbeeld soos: ons liewen Heer,  
waar die -n tog seker geen buigingsuitgang kan wees nie.  
regen-reën of reent. Al twee vorme word naamwoordelik sowel

as werkwoordelik gebruik. In die spreektaal is geen onderskeid merkbaar nie, hoewel sommige skrywers die voorkeur skyn te gee aan reën as snw.

Die behoud van -en is te verklaar uit die ww. regenen wat met verlies van slot-en en intervokale -g tot reën gereduseer is en sodoende 'n behoudende invloed op die snw. kon uitoefen.

Dis opmerklik dat selfs in Zaans wat die swakbetoonde -en skerp geapokopeer het, ook die -n bewaar is, sodat regen gehoor word. (Boekenoogen: De Zaansche Volkstaal, bl. 11). Ook in die Hollandse spreektaal word die -n gehoor, 'n feit wat ook deur van Helten aan die invloed van die ww. toegeskryf word. (vgl: Tyds.Ndl.T. en L. Dl. 12, bl. 160.)

Die -t van reent kan suiwer paragogies wees soos by genant en gewoont, dit kan die -t van die Ndl.pers.vorm wees van het regent, wat geen ander pers.vorm het nie, of die twee invloede kan gesamentlik gewerk het.

Self dink ek dat agtervoeging hier die vernaamste rol gespeel het, omdat dit in Afr. veral na -n dikwels voorkom (sien hieronder by oond) en alle gevoel vir pers.vorme in Afr. verlore gegaan het. As dit die -t van die ww. was, sou 'n mens dit ook kan verwag by dit hael.

Dr. Kruisinga merk oor hierdie -t op: "dat de -t in gaat, reent ens. niet meer als uitgang begrepen wordt, blykt uit reentwater (vgl. Taal en L. 16e Jrg. bl. 424.)

Die mv. is reëns, en die afl. reëragtig en reënerig (dus sonder -t.)

In alle samestellinge kry ons reën of reent, behalwe by reënval en reënkaart. By die laaste woord kan 'n mens miskien aan Ndl. invloed dink, maar as dit die geval is, moet ook reënmeter net die een vorm hê. Naas reënmeter is egter ook reentmeter opgeneem (Wdbk. B.v.d.M.).

### zegeh-seën

Ook hierkry ons die invloed van die ww. seën uit

Ndl. zegenen. Die Hollandse spreektaal het eweneens zegen (vgl. van Helten t.a.p.) Dis moontlik dat die Bybeltaal bygedra het tot die behoud van slot-en.

leugen-leuen (mw. leuens.)

Ofskoon daar in die skryftaal verskil gemaak word tussen leun en leuen, kon ek die onderskeid in die spreektaal nooit agterkom nie. (J. van Bruggen skryf leun in Kranskop Dl. 1, bl. 16, of is dit 'n drukfout?).

Ek meen dat die ww. leun daartoe kon bygedra het om die -n van die gelykluidende leuen te bewaar, terwyl die ww. loën (Ndl. loochenen) en die mv. leuens ook in die rigting kon gewerk het.

degen -degen (mv. degens).

Dis 'n late ontlening wat weens sy seldsame gebruik in die spreektaal die Ndl. vorm onveranderd bewaar het.

morgen - môre of more (oorspr. bw. van tyd), mv. môres sonder -n.

morgen - morg (benaming van landmaat), mv. morge. Die Afr. Fon. gee ook die mv. môre wat nie in die Wd.lys en die Wdbk. B. v.d.M. opgeneem is nie.

By morg en môre het ons dubbelvorme soos in sorg - sôre (Ndl. zorgen). waarby die vorm met gesinkopeerde -g<sup>as</sup> die ouer klankwettige Afr. vorme moet beskou word, (vgl. Afr. Fon. bl. 137.)

Die orige sewe woorde is gesubst. infe. wat in Afr. die slot-n verloor en -g gesinkopeer het: geheue.

Die enigste mv. is genoeëns en vermoëns.

Opm. Naas genoeë gee die Wd. lys en die Wdbk. B.v.d.M. en ook die Afr. Fon. ook nog genoege aan. Persoonlik het ek die voor-velere frikatief nog nie in hierdie woord gehoor nie.

### Groep 3: woorde op -ngen

jongen- jonge of jong, mv. jongens

By die gesubst. adj. jonge het die -n van die casus-uitgang weggeval nes in die Hollandse spreektaal. Die enkv. word in Afr. net gebruik in die samest. leerjonge, wat 'n late ontlening is. Die Ndl. jonge is in Afr.

vervang deur seun wat ook in Zaans veel voorkom.

Die mv. kry ons in samest.: jongenskool, jongenstehuis.

Die woord jong noem Prof. Hesseling in Het Afrikaansch

(bl. 95) en merk daarby op dat dit in Indië en by Jan van Riebeeck in gebruik was vir bediende. Vandag word dit by ons uitsluitend vir manlike kleurlinge gebruik, waardeur dit 'n pejoratiewe en verengde betekenis gekry het. Naas jong het ons ook klong en klonkie.

Die samest. kwajong (Ndl. kwade jongen) word ook vir ondeunde blanke seuns gebesig.

Die aanspreekvorm jong is sowel in Ndl. as in Afr. gebruiklik.

verlangen-verlange of verlangste, mv. verlangens.

Groep 4: woorde op -ken

Baken, laken, kuiken, deken, diaken, teeken, (teiken), varken, bekken en goedduke.

Hierdie woorde het algar, uitgesonderd dan die gesubst. inf. goedduke hulle Ndl. slot-en in Afr. behou. Hulle word behandel in Prof. Bosman se artikel (bl. 62), waar, in daarop gewys word dat dissimilasie hier nie kon plaasvind nie omdat -k en -n geen homorgane klanke is nie.

baken- baken, mv. bakens.

Hiervan bestaan wel 'n vorm baak in die samestelling vraagbaak as gevolg van die feit dat Mnl. bakene as pluralis gevoel is, waaruit dan 'n nuwe, korter singularis kon ontstaan soos by els, zeis, raaf, droesem en long (vgl. Schönfeld Hist. Gram., bl. 114). Mi. is die moontlikheid nie uitgesluit nie dat baken sy uitgang bewaar het onder die invloed van die ww. afbaken (Ndl. afbakenen) nie.

deken- deken, mv. dekens.

Naas deken ken die spreektaal ook dekent (vgl. le Roux Beschryvende Klankleer, bl. 102). In die betekenis van "owerste" of "deacon" word deken in Afr. weinig of nooit gebruik.

diaken- diaken, mv. diakens.

Die Mnl. vorm diaeck, volgens die Ndl. Wdbk. ontstaan uit Fr. diacre, bestaan nie meer nie.

Dit is moontlik dat diaken sy -n bewaar het onder invloed van die bybeltaal, maar daar staan teenoor dat die woord in die spreektaal veelvuldig gebruik word, Soms met agtervoegde -t, diakent (vgl. le Roux:

Beschryvende Klankleer, bl. 102.)

teken- teken (teiken), mv. tekens (teikens.)

Ook by hierdie woord kan -n bewaar gebly het onder inwerking van die ww. teken (Ndl. tekenen.) Dit is opmerklik dat ook in die Hollandse en Zaanse spreektaal die -n nie geapokopeer is nie. (vgl. van Helten in vermelde artikel en Boekenoogen: De Zaanse Volkstaal, bl. L.)

bekken- bekken, mv. bekkens.

Dit word selde gebruik. In die samestelling doopbekken is dit vervang deur doopbakkie en in Kongo-bekken, heupbekken, bekkenholte, bekkenbeen kry ons dit in samestellinge waarvan die gebruik net so seldsaam is, sodat die uitspraak die spelling volg.

varken- vark, mv. varke~~ns~~.

Hier opper Prof. Bosman in sy artikel (bl. 62) die moontlikheid van 'n nuwe analogiese enkelvoud.

Groep 5: woorde op -len

Molen, veulen, welgevallen en gevoelen.

molen - meule of meul, mv. meulens, meules, meule.

Die woord meule (naas mole) is algemeen in die provinsies Holland en Zeeland. In Afr. is meul gebruikliker as meule. In 'n sin soos: "Gods meule maal stadig", waarin invloed van die bybeltaal onmiskenbaar is, het meule gewoonlik 'n -e op die end. In samest. meul: meulsteen, meulklip.

veulen- vul (soms vulling), mv. vulle of vullens.

In sy Hollandsche Dialektstudieën noem Dr. K. Heeroma die

forme: voel, veule, veele, vullen, vulle en vul.

Veulen wat afkomstig was uit die Suide, moes wyk vir die Oostelike vullen, wat byna die hele Zuid-Holland inneem. Daarna moes die A.B. veulen weer die stryd aanknoop met vullen. In die N. Ooste is voel deur vul verdring. Heeroma stel die vraag of vullen miskien 'n kontaminasievorm is van vul en veulen.

Van die twee laaste vorme het eersgenoemde dit in ons land gewen, terwyl vulling dan die gedissimileerde vorm van vullen is.

welgevallen - welgevalle

gevoelen - gevoele, mv. gevoelens.

Groep 6: woorde op -men.

Amen, examen, pronomen, inkomen, heenkomen, voorkomen en voornemen.

amen - amen.

Hierdie selfstandig gebruik b.w. het heelwaarskynlik sy slot-n behou onder invloed van die bybeltaal.

examen - eksamen.

Hier het ons te doen met 'n woord waarby die gesag van die onderwyser hom kon laat geld, want dit is tog hoofsaaklik beperk tot die skoolsfeer. Wellig het dit meegehelp tot die behoud van die -n.

pronomen - pronomen

Dit is 'n term wat slegs by die taalkundiges in gebruik is.

Die orige vier woorde laat nes Hollands die slot-n weg; die twee wat 'n mv. het, behou -n: inkomens, voornemens

Opm. Pleks van inkome word meestal inkomste gesê, terwyl naas voorkome die vorms: voorkoms en voorkomste 'n algemener gebruik geniet.

Groep 7: woorde op -nen

linnen - linne

Hierdie snw. wat nou diens doen as stofnaam, voorwerpsnaam en kollektief, was vroeër 'n b.w. gevorm uit die

verboë vorme van Mnl. līnyn (Nnl. lynen) met verkorting van -ī voor konsonantverbinding (vgl. Schönfeld: Hist. Gram., bl. 32: linnen-lynkoek). Vandag sien ons nog in Ndl. naas mekaar: linnen en lynwaad.

Groep 8: woorde op -pen

wapen- wapen, mv. wapens.

Die behoud van slot-n kan ook hier in verband staan met die ww. wapen en bewapen (Ndl. wapenen en bewapenen.)  
Net soos by reën, seën en teken word die nasaal ook in die Hollandse spreektaal nie weggelaat nie. (vgl. van Helten se artikel t.a.p.).

Groep 9: woorde op -ren

Koren, doren, horen, toren (toorn), garen, varen en lantaren is algar deur Prof. Bosman behandel in vermelde artikel; die oorgang van slot-en tot -ing is die gevolg van dissimilatie.

Opm. Tot nog toe word in Le Roux en Pienaar se Afr. Fon. slegs twee voorbeelde van dissimilatie genoem: nuuskierig en boskasie

toebehoren - toebehore, mv. toebehorens, dikwels uitgespreek toebehorings (sien Prof. Bosman se artikel t.a.p.).

Pinksteren - Pinkster.

Naas Pinksteren, wat ontstaan het uit die verboë naamval: te Pinksteren (vgl. Ndl. Wdbk. op Pinksteren), word ook in Ndl. baie die vorm Pinkster gebruik.

Groep 10: woorde op -sen (-zen.)

Kussen, Paschen en wezen.

Kussen - kussings

Hier het ons wêreld 'n gevelariseerde vorm van kussen (vgl. Prof. Bosman se artikel t.a.p.)

Paschen - Pase

wezen - wese, mv. wesens.

In die afleidings: wesenloos en wesenlik bly -n bewaar

Opm. Die Ndl. gesubstantiveerde inf. afgryzen word in Afr. nie gebruik nie, steeds afsku.

Groep 11: woorde op -ten

Christen, Oosten, Westen, keten, geweten, weten, eten  
en laten (in doen en laten.)

Christen - Christen.

Die slot-n is hier ongetwyfeld gehandhaaf onder invloed van die bybeltaal. In ou Afr. tekste kry ons hier en daar 'n samestelling sonder -n: Christemens (Kaapsche Grensblad.)

Oosten - Ooste

In die landnaam Oostenryk is -n bewaar.

Westen - Weste

Hierdie twee snwe. wat oorspronklik bwe. was het net soos in die Hollandse uitspraak hul slot-n verloor.

keten - ketting.

Die vorm ketting is uit Ndl. geërf, waar dit keten ook grotendeels verdring het.

geweten - gewete, mv. gewetens

Gewetenloos en gewetensaak kom met of sonder -n voor; in alle ander samestellinge het -n voor verbingings-s gebly.

weten - wete, soos in medewete en beterwete.

Die -n is behou in wetenskap, wetenswaardig en in willens en wetens.

ete - ete, mv. etes.

Nog die Wdbk. B.v.d.M. nog die Wd. lys het die mv. van hierdie gesubstantiveerde inf. opgeteken. In Afr. sowel as in Ndl. is dit 'n volslae substantief, waarvan ook die meervoudsvorm reg op erkenning het (vgl. Overdiep, Stil. Gram., bl. 352.). Dit is tog heel gewoon om te sê: "'n Mens kry goeie etes by daardie plek." In die samestellinge etenstyd en etensuur bly die -n. In die enigsins platklinkende ete-en-drinke (maag) staan ete voor 'n vokaal en het dit tog geen -n. Hierdie -n word in die Hollandse spreektaal wel gehoor: eten en drinke(n),

barsten of buigen), wagen is winne(n). Maar by die verkleiningsuitgang "neemt men volstrekten afval waar: een scheutje azyn, een jongske aan de hand. (vgl. van Helten in vermelde artikel.)

Dieselfde taalkundiges wat ek in my inleiding aangehaal het in verband met die weglating van die slot-n, voeg daar by dat die weglating nie plaas vind voor 'n volgende vokaal nie. Ons het ook gesien dat -n voor -h gewoonlik bly. Tog is hier in Ndl. net so min as in Afr. 'n vaste reël waar te neem ~~nie~~, want behalwe dat daar "volstrekke afval" is by die diminutiefsuffiks -ken en -(t)je (oorspr-(t)jen), vind apokopee voor vokaal in Ndl. ook plaas by die uitgang van stoflike adjektiewe, attributief gebruikte verlede deelwoorde sowel as in die buigingsuitgang van die acc. en dat. sing. masc. van adjectiva en pronomina: een zilvere(n) armband, een gebarste(n) emmer (vgl. van Helten se artikel).

Ook Overdiep roer hierdie kwessie aan en ons lees op bl. 152 (Stil. Gram.): "Maar wanneer er een woord op volgt met een klinker, kan de -en bewaard blyven; zelfs worden allerlei overigens verdwenen -n-vormen in deze positie gehandhaafd of wordt een anorganische -n ingevoegd. Invoeging van -n is afhankelyk van het articulatiestelsel en van de syntactische constructie: Je mot geve -n en neme, en Je mot éerst geve/en dan neme"

Dit sal dus raadsaam wees om elke geval apart te behandel want daar bestaan geen reël wat orals van toepassing is nie.

laten - late, soos in doen en late.

Hier is weer 'n gesubstantiveerde inf. op -e.

Opm. Die snw. buiten in die betekenis van landhuis of landgoed is nie in Afr. bekend nie.

Groep 12: woorde op -ven

Oven, haven, leven, stevan, gegeven en streven.

Oven - oond

Die slot-n is behou, maar die Afr. vorm het 'n heel ander aansien gekry as gevolg van die sinkope van intervokale -v en die agtervoeging van -d.

In ouer Afr. geskrifte is die vorm bakowen (Meurant.) Paragogee of agtervoeging is 'n bekende verskynsel in alle Germaanse tale. In sy Gram. Figuren (bl. 84) merk Te Winkel op "dat -t of -d, ofschoon niet zonder invloed van de analogiewerking, uit een phonetische oorzaak achtergevoegd schynen te zyn, vooral by woorden die op -n, -ch of -s eindigen."

As een van die oudste voorbeelde noem hy hond (Lat. canis verder arend, iemand, niemand, nakend. In Eenheid en Verscheidenheid in de Taal (bl. 13)

noem Dr. A. Kluyver die Suid-Ndl. vorme morgend en noenend wat -d aangeheg het na analogie van avond. (vgl. ook Ndl. Wdbk. op morgen.)

In 'n artikel: "Paragogiese Konsonanten in 't Ndl." (Nieuwe Taalgids, 32ste Jrg.) skryf van Haeringen dat behalwe na spirante "deze dentale slotklanken, -t en -d, vooral na -n, -l en -r voorkomen -----". By paragogé schynt deze een soort emfatische versterking van het wordeinde te zyn: na het dentale wordeinde wordt nog eens het eind nadrukkelyk gemarkeerd door een dentale explosie." Deur vroegtijdige sluiting van die neusholte, dus voor die -n heeltemal end-uit gesê word, gaan die spreker oor na -d of -t. (vgl. ook Roorda: De Klankleer, bl.168)

Die spelling rig homself na die verboë woord of na die mv. sodat ons byv. in Afr. skryf: enkeld en dubbeld (enkelde en dubbelde), genant (genante, Ndl. genan) en oond (mv. oonde).

Net soos in die Ndl. dialekte is ook in die Afr. spreektaal, veral in die mond van minder ontwikkel-

des, agtervoeging algemeen. Te Winkel noem die dialek van Rotterdam en Overdiep die Katwykse volkstaal met woorde soos: torent, garent, lantarent (Stil. Gram., bl. 160), waarnaas ons in Afr. lakent en diakent kan plaas (vgl. Beschr. Klankleer, bl. 102). Selfs het ek ook ament gehoor, maar dit is in elk geval veel minder verbreid.

*Hoe kom dit hier?*  
Opm. Waar -en nie aan die end van 'n woord staan nie, vind aanhegting van -t of -d ook dikwels plaas. Hierdie epentetiese -t of -d sien ons in Afr. by moontheid, geneentheid, verleentheid, wesenlik (dus dikwels voor -h en soms voor -l).

Die invoeging van -t was ook in die 17e eeu algemeen: genegentheyd, gelegentheyd, namentlyck.

haven - hawe, mv. hawens of hawes.

Alle afleidinge en samestellings van hierdie woord is sonder -n: haweloos, hawehoof, hawe-arbeider, dus ook voor volgende vokaal of -h.

leven - lewe, mv. lewens.

In alle samestellinge met -s bly -en bewaar: lewensadem, lewensgeluk, lewenskrag, lewensgevaar; ook in die afleidinge van sulke samestellinge.

In die afleidinge lewendige en lewensloos (waarnaas leweloos) is -en behou; maar dit het weggeval by lewegewend en lewewekkend.

steven - stewe, mv. stewens

gegeven - gegewe, mv. gegewens (selfstandig gebruikte bnw.)

streven - strewe (sien inleiding tesis by gesubstantiveerde infe.)

#### Eiename.

X  
Hoewel name van persone in die reël hulle oorspronklike spelling behou het, word die slot -n gewoonlik nie uitgesê nie en val die -e soms ook weg: Vermeule of Vermeul, van der Westhuis(e), van Rooy(e), van Heerde, Pieterse, van Reene, Esterhuysé, Langenhoof(1), maar Geldenduys. By name van lande word slot-n in die spelling weggelaat Swede, Noorweë, Denemarke en Pole.

Name van stede behou gewoonlik -n: Aden, Bremen, Weenen.

*Handwritten:* Selfstandige naamwoorde wat alleen in die mv. voorkom.

Snw. waarvan slegs die mv. bestaan en wat in Ndl. met -en geskryf word (sien inleiding Tesis by aanhaling van De Vooy), laat in Afr. slot-n weg: notule, ingewande, koste, onkoste stuipe, hurke, die Trope, die Klassieke. In die samestellinge koppent en voetenent is -n egter bewaar.

Ndl. hersenen of harsenen, hersens of harsens is in Afr. harsings (vgl. vir hierdie velarisering Prof. Bosman se artikel.)

In samestellinge en afleidinge word uitsluitend hersenen of harsenen gebruik, wat die Mnl. vr.enk. was, by uitsondering ook die mv. (vgl. Ndl. Wdbk. op hersenen.)

Die -en van die Ndl. harsenen is in Afr. harsing in die samestellinge: harsingholte, harsingvlies, harsingskors, en harsingspan waarnaas ook 'n korter vorm harspan bestaan. Die Ndl. vorm hersenen kry ons in Afr. as alternatief in hersenskudding en as enigste vorm in hersenskim, 'n latere ontlening met 'n beperkte gebruiksfleer.

As meervoude van die kaartspelkleure kry ons uit die Ndl. vorme: harten, schoppen, ruiten en klaveren in Afr. hartens, skoppens, ruitens en klawers.

Die eerste drie het dus eintlik 'n dubbele mv. soos beddens. Klavers in plek van klaveren hoor 'n mens in Ndl. dikwels, terwyl die Ndl. Wdbk. ook ruitens aangee as gewestelik Vlaams.

Pleks van -ens word in Afr. dikwels die gevelariseerde vorme hartings, skoppings en ruitings gehoor (vgl. Prof. Bosman se artikel t.a.p.).

In samestellinge het ons dan naas die Ndl. vorme hartenaas, hartenheer, hartenvrou, hartentien in Afr. dieselfde vorme of vorme sonder -n. Laasgenoemde is my die beste bekend. (vgl. ook opm. tesis onder waenhuis.)

*Handwritten:* Vir samestellinge met skoppen en ruiten geld dieselfde.

Kollektiewe.

Die volgende woorde kom ook sonder meervoudsvorm voor en doen dan diens as kollektiewe: bees, skaap, vrag en morg.

## Samevatting by Selfstandige Naamwoorde

*Hof!*  
By 'n oorsig oor die toestand van die slot-en tref dit ons watter groot ooreenkoms daar bestaan tussen Afr. en Ndl. en in besonder die Ndl. soos dit in Holland gepraat word en uitgespreek is in die 17e eeu. Kry die Ndl. spelhervormers eers hul sin, dan sal Afr. en Ndl. nog nader aanmekaar kom in hierdie opsig en die onderskeid selfs in die skryftaaltorme in baie gevalle tot 'n minimum gereduseer word.

As vernaamste punte van ooreenkoms noem ek:

1. Die verlies van slot-n in altwee tale by alle gesubstantiveerde infe., by meervoudsvorme van substantiewe, wat daarin geen -s het nie, en by die grootste deel van die orige snw.
2. Die behoud van -n in die mv. van alle snw. behalwe drie: etes, redes en môres.
3. Die behoud van slot-n in reën, seën, wapen, teken net soos in die Hollandse uitspraak en die Zaanse volkstaal.
4. Die uitganglose vorme van jong (as aanspreekvorm), meul en vul, wat ook in Ndl. goed bekend is.

Teenoor hierdie gelykheid staan die volgende verskille:

1. Die verlies van slot-en by vark, wa en morg.
2. Die behoud van -n by kuiken, laken, deken en leuen.  
*diaken, baken*
3. Die velarisering van slot-en tot -ing by snw. waarby die -en voorafgegaan word deur -r of -s.
4. Die geringere invloed van (n volgende klank op die behoud van -n, veral soos dit uitkom in samestellinge.

Verder merk ons op dat Ndl. slot-en in Afr. die -n kon verloor, in sy geheel weggeval het, bewaar gebly het of oorgegaan het tot -ing. Die vier moontlikhede word hieronder kortliks aangedui en toegelig.

1. Die snw. wat slot-n verloor het.

Hier toe behoort die grootste deel van die snw., waaronder

alle gesubstantiveerde infe. en alle Ndl. meervouds-  
 die  
 vorme op -en vir sover/in Afr. geen -s het nie.

2. Die snw. wat slot-en verloor het.

Hulle is vark, wa en morg.

By vark is 'n nuwe analogiese enkelvoud heel waarskynlik, net soos in Ndl. byv. by koe-koei, vloo-vlooi, (vgl. ook Prof. Bosman se opmerkinge in sy reeds vermelde artikel en Prof. Logeman in Taal en Letteren, 9e Jrg. bl. 257.)

Jong in die betekenis van bediende is volgens Prof. Hesseling uit Indië afkomstig (vgl. Tesis by snw. op -ngen.)

3. Die snw. wat -en behou het.

As ons die suiwer taalkundige term pronomen uitsonder, is daar agtien.

Die behoud van die uitgang kan toegeskryf word aan drie oorsake: (a) Ndl. invloed, (b) invloed van die die gelykluidende ww. en (c) invloed van die aan die slot-en voorafgaande konsonant, in hierdie geval 'n -k

- (a) Hieronder val sewe woorde:

eksamen, gulden, degen, bekken, heiden, amen, Christen, waarvan die laaste drie spesiaal onder Ndl. bybeltaal-invloed staan.

- (b) Hiertoe reken ek in aansluiting by van Helten:

reën, seën, wapen en spesiaal vir Afr. leuen, (vgl. Tesis by snw. op -gen.)

- (c) Onder hierdie groep val dan:

teken, baken, laken, kuiken en deken, diaken.

Vir die behoud van slot-n by teken neem van Helten ook invloed van die ww. aan, en 'n mens sou dit miskien ook by baken kan doen. Die moeilikheid is egter dat ons op die manier verplig is om vir hierdie woorde wat al <sup>ses</sup> vyf op -ken uitgaan twee verskillende verklarings aan te voer. Dit sal dus metodies juister wees om van een uitleg uit te gaan wat op almal van toepassing

Hoe uitpr.?

is en dit so te stel: <sup>Snw.</sup> Woorde waarvan die slot-en voorafgegaan word deur die stemlose velêre eksplisief -k, bewaar in Afr. die-en-uitgang.

4. Die snw. waarvan slot-en oorgegaan het tot -ing. Hiertoe behoort: koring, doring, horing, toring, gering, varing, ook lantern (Noostal uitgespreek lantêring) en kussing.

Prof. Bosman het in die artikel, wat die uitgangspunt van my verhandeling gevorm het, aangetoon hoe hierdie velarisering van -en tot -ing die gevolg was van dissimilasië en ons kan dit dan aldus formuleer: Snw. waarvan die Ndl. slot-en voorafgegaan word deur -r en -s velariseer die -er-uitgang in Afr. tot-ing.

#### Samestellinge.

Dit is nie maklik om by die samestellinge of afleidinge 'n vaste reël waar te neem ten opsigte van die verlies of behoud van die slot-en nie. Daar is byv. sekere snw. wat nooit 'n -n het in verbinding met ander woorde nie, soos: rede, hawe, linne, môre; ander weer het nou eens -n dan weer nie: gewete, lewe, terwyl woorde <sup>soms</sup> as wete, wese, en ete (behalwe dan in ete-en-drinke) altyd -n het. Die enigste manier waarop ek dit kan formuleer, is as volg:

In samestellinge is slot-en bewaar:

- (a) onder Ndl. invloed: weselik, wesenloos, gewetenloos.  
 (b) gewoonlik voor -s: etenstyd, wetenskap, wetenswaardig, lewensadem, gewetensangs, gewetensdwang, hersenskin.  
 (c) soms voor -h: waenshuis, hartenheer, olienhout.  
 (d) selde voor vokaal: va-as, hawe-arbeider, môre-aand, more-orgend, ete-en-drinke, harte-aas (algemener as hartenaas.)

Hierteenoor staan koppenent en voetenent met konstante -n.

Die meeste Ndl. taalkundiges wat hulle met hierdie

saak besig gehou het, het daarop gewys dat die -n ook in die uitspraak, gewoonlik voor vokaal behou bly. Ons sien dat dit in Afr. presies andersom is en ons kan dit weergee as volg:

Die behoud van slot-n is in Afr. gewoonlik onafhanklik van die volgende vokaal.

#### Die Byvoeglike Naamwoorde

Hoof

Reeds in die 17e eeu is die nasaal van die -en-uitgang by attributief en prodikatief gebruikte verlede deelwoorde, by stoflike bnw. en van die buigingsuitgang van die bnw. nie meer uitgespreek nie. (vgl. weer: Mauta se Taalkundige Aanteekeninge by Bredero, bl. 29.)

En dit is ook die geval in die huidige Hollandse spreektaal, soos al te duidelik blyk uit die sterke uitlating van J. H. van den Bosch in Taal en Letteren ( 7e Jrg., bl. 259): "Wy mogen niet zeggen: de -n wordt niet uitgesproken; er is geen -n meer, er valt niet uit te spreken."

#### Die sterk verlede deelwoorde

Ook in Afr. eindig hulle op -e: onbeholpe, ingenome opgetoë, gebroke, uitverkore, belese, geslepe, ens.

Naas die sterk verl. deelwoorde volwasse en verslete staan in Afr. die swak vorme halfwas en halfslyt.

In Ndl. kry ons halfwassen en ook halfwas, maar die laaste woord word as snw. gebruik (sien Ndl. Wdbk. op halfwas.) Naas halfversleten het Ndl.

die vorme halfsleet, halfsleetsch en halfsleten (vgl. Ndl. Wdbk.) In alle afleidinge met -heid

het die sterk verl. deelw. in Afr. die -n voor -h: onbeholpenheid, belesenheid e.d.

Opm. Suiwer adjektiewe is die participia waarvan die ww. nie bestaan nie, soos bescheiden en verscheiden.

#### Die stoflike adjektiewe.

Die slot-en van hierdie woorde is die germ. suffiks -in, wat oorspronklik gedien het tot die vorming van

adjektiewe, veral by dier- en stofname. In Mnl. is dit -yn, -en of -n en in Nnl. -(e)n. (vgl. Schönfeld: Hist. Gram., bl. 218 en 105.) Ons sien dit ook nog in kristallyn en lynwaad.

Dat die slot-n van die stoflike bnw. in Ndl. nog geskryf word, is o.a. te danke aan die invloed van Huydecooper, wat die skryf van -en 'n wet van Mede en Perse gemaak het vanweë die oorsprong van die suffiks. (vgl. Dr. Kollwyn se Opstellen over Spelling en Verbuiging, bl. 171.)

Zelfs by Vondel lees ons metale zein, staele emmer, en goude tyt.

Van Helten wys daarop dat die skynbare apokopee by die stoflike bnw. sowel as by die verlede deelw. in werklikheid sinkopee is van Mnl. vorme: ons goude kroon, zyde kleeren, ons opgeblase ziel, door opgeborste kloven. (vgl. sy Mnl. Spraakkunst, par. 299 d, 306 c, 310 en sy Vondel-gram. par. 100.) In Fries word nog dikwels gehoor: de houtene kast, 't stenene huis. (vgl. J. G. Talen in Taal en Letteren, 7e Jrg., bl. 345.)

In Afr. het ook die slot-e weggeval: koper, yster hoepel, sy kouse, 'n blik trommel, 'n staal brug ens. Die -e is egter bewaar in: roue, erde, linne looie en glase (meestal glaas.)

Opm. In die Spraakkuns van Bouman en Pienaar word linne en looie nie genoem nie.

Die -e van linne het waarskynlik behou gebly na analogie van die snw. en samestellinge daarmee. Naas glase en glaas wat altwee teruggaan op Ndl. glazen, het ons in Afr. ook glas, wat dan vernooielik 'n nuwvorming is.

Die Wdbk. B.v.d.M. en die Wd.lys gee dubbelvorme by: gla(a)sdeur, gla(a)soog, gla(a)sdak. Die

Wd. lys het glasekas en glaaskas, die Wdbk. B.v.d.M. glasekas en gla(a)skas. My ondervinding is dat in die Klein Karoo en groot dele van die W. Provinsie die voorkeur aan glas bo glase (glas) gegee word. Sowel die Wd. lys as die Wdbk. B.v.d.M. skryf woorde soos gla(a)sdak, erdepot, erdeskottel, linnelaken aanmekaar. Dit is mi. inkorrekt en enigsins verwarrend, want hier is gla(a)s, erde en linne tog suiwer bnw. wat los van die snw. behoort te staan, net soos goue horlosie. Die onderskeid tussen adj. en snw. en 'n werklike samestelling gaan op die manier verlore: 'n linne doek of lap is van linne vervaardig, maar 'n linnekas wat dien tot berging van die linne is tog van hout gemaak. 'n Gla(a)s deur is hoofsaaklik van glas, maar 'n glasfabriek waarin glas geblaas word, sal 'n kortstondige bestaan hê, as dit van glas gemaak is. Hoewel hierdie neiging bestaan omdat in Afr. die meeste stoflike bnw. dieselfde vorm het as die snw. waarvan hulle afgelei is, meen ek nogtans dat sulke onegte samestellinge die spelling nie ten goede kom nie. Behalwe in die reeds genoemde gevalle word die -e ook nog geskryf in sekere staande uitdrukkinge of by figuurlike taalgebruik: 'n gulde geleentheid, 'n wasse neus, 'n stale gesig.

En so kry ons dan langsmekaar: 'n yster paal en 'n ysere hand, 'n ysere wet en ysere waarborg.

Opm. Hoewel ek baie persone hoor praat het van iemand wat met 'n yster hand regeer, en ek die noodsaaklikheid van ysere hier nie so sterk voel nie, is wel deeglik bewus van die verskil tussen 'n staalplaat en 'n stale gesig. Tog praat ons van 'n silwer armband en van 'n silwer horlosie en ook van 'n silwer bruilof. Daar is ewenwel weinig van hierdie twyfelagtige gevalle en oor die algemeen is die funksionele waarde van die -e by oordragtelikebetekenis te groot om te kan weglaat.

Gewone adjektiewe.

Tevreden, goedertieren, verlegen, genegen, wylen,  
verkouden, dronken, eigen, effen, en even.

Behalwe dronk gaan al hierdie woorde in Afr. uit op -e,

soos alle meerlettergeregige bnw.

verkouden - verkoue

Die -en van verkouden is 'n sterk uitgang wat agter 'n swakke gevoeg is. In. Mnl. was dit vercoudet, vercout, en in Nnl. nog verkoudheid (vgl. Schönfeld se Hist. Gram. bl. 152.) Die gewone Hollandse uitspraak is verkouwe.

dronken - dronk.

Die Ndl. Wdbk. gee ook die vorm dronk aan.

Dronken is ook een van die onherkenbaar geworde verlede deelw. In Afr. ken ons alleen die vorm sonder -en, sodat dit onder die klas van ander eenlettergeregige bnw. val, soos byv. mank.

Teenoor die Afr. samestelling dronknes staan die Ndl. dronkenskap.

eigen - eie.

Hiervan kry ons die vorme: eiebaat, eiedunk, eieliefde, eiewys, eiegeregtig, eiesinnig, algar sonder -n.

En met -n: eienaardig, eienskap, einste, eiendom en eintlik.

As dubbelvorm is daareie(n)handig; die vorm sonder is die algemeenste.

effe - effe

Die -n is weer behou in effenheid.

even - ewe

Met ewe is gevorm: ewe-as (ewenas), ewe-eens (eweneens) ewewel (ewenwel), en verder sonder -n: ewegoed, ewemin, eweseer, ewewydig, en ewenaaste.

Die dubbelvorme word algar weinig gebruik in Afr. (die Wd. lys) gee nie ewe-as of ewenas, sodat daar geen taallaag was om op terug te val nie en ek vermoed dat die newevorme met -n berus op verstandelike oorweging en aansluiting by Ndl. Die behoud van -n hang hier dus nie af van die volgende vokaal nie; buitendien kry ons nog ewenwel met -n voor -w. *investewel?*

neven - newe

neven -newe

Newe kom slegs voor in samestellinge: newe-as,  
neweproduk, newevertrek. Die -n kom alleen voor in  
verbindinge met -s, maar dan is newe 'n bw. en kan die  
-n ook weggelaat word: neweskikkend en newenskikkend,  
newensgaande en newegaande.

Tot die gewone adjektiewe kan ten slotte die telwoorde zeven  
en negen gereken word.

zeven - sewe, mv. sewes (nie opgeneem in Wd. lys nie.)

Met sewe word gevorm: sewevoud, sewetal, sewehoek,  
sewejaartjie, almal sonder -n.

Met -n het ons: sewentien, sewentig, sewende, sewentjie.  
sewen-en-twintig, sewen-en-neëntig.

As ons sewe self uitsonder, dan sien ons dat -n bewaar  
bly in alle hoof- en rangtelwoorde.

In die getal sewen-en-twintig en die optelsom: 7+ 20  
word die -e van die voegw. -en nie eenders uitgespreek  
nie. In die optelsom is sewe van twintig geskei, en  
is die -e van -en die middellae voorvokaal. By  
sewen-en-twintig vorm die -n van sewen as 't ware 'n  
aparte lettergreep met die voegw. -en, sodat uitgespreek  
word: sewe-(n)-en-twintig, net soos sewe-(n)-en-neëntig.  
Die -n word dus gehoor voor die neutrale vokaal, waarmee  
dit nou verbonde is.

negen- nege of neë. mv. neges (nie in Wdbk. B.v.d.M. of  
Wd. lys vermeld nie.)

Ons kry neë of nege in: negetal, negehoek, negevoud;  
en neën of negen in: neënde, neëntien, neëntig,  
negen-en-negentig en negen-en-twintig.

Net soos by sewe het ons dus die vorm sonder -n in alle  
samestellinge met nege, en die met-n in die hoof-en  
rangtelwoorde (behalwe nege self.)

Opm. Die stemhebbende middel-velêre eksplosief -g van nege  
hoor ons in Afr. ook in hoger, oge en lager, vernaamlik  
in die Oostelike Kaapprovinsie (vgl. J. J. le Roux se  
Handleiding in het Afrikaans, bl. 26 ).

As simpleks is nege algemener as neë, terwyl die saamgetrokke vorme gewoonlik die voorkeur kry in neende en neëntien.

By taggentig wat ook Ndl. bekend is, is -en ingevoeg na analogie van negentig en sewentig.

#### Samevatting by Byvoeglike Naamwoorde.

As 'n mens nagaan hoe die slot-en gevaar het in Ndl. en in Afr., dan is die ooreenkoms opvallend. So goed as alle adjektiewe, insluitende die verlede deelwoorde, uitgesonderd die stoflike bnw. en die bnw. het in Afr. sowel as in die Hollandse uitspraak hul slot-n verloor.

Slot-~~n~~ het weggeval by:

- (a) Sterk verlede deelwoorde
- (b) Gewone adjektiewe (behalwe dronk.)

Slot-en het weggeval by:

Die stoflike adjektiewe, behalwe goue, linne, erde, looie en die wat in staande uitdrukkinge of in figuurlike betekenis gebruik word.

#### Die Byvoeglike Naamwoord in Samestellinge.

Ook hier is dit nes by die snw. nie moontlik om 'n reël waar te neem wat alle gevalle vir behoud of verlies van die slot-n dek nie. Voor -d kry ons: eiendom en eiedunk, voor -s: eienskap en eiesinnig, voor -t: sewentien en sewetal en voor -h: effenheid en eiehandig.

In hooftrekke is die posisie as volg:

- (a) In alle afleidinge met -heid: geslepenheid, belesenheid, tevredenheid, effenheid (soms kry ons hier epentetiese -t: geneentheid, verleentheid.)
- (b) Onder Ndl. invloed: ewewel, eweneens, ewenas.
- (c) Gewoonlik voor -d, -t en -s, en voor neutrale vokaal: eiendom, sewende, negende, eienskap, einste, dronkenskap, eintlik, sewentien, negentien, sewen-en-twintig, negen-en-twintig.

Die -n bly nie bewaar voor volgende vokaal nie: newe-as ewe-as, ewe-eens. Die vorme met -n staan onder Ndl. invloed.

Die Partikels.

By die onverbuigbare woorde sal dit vir die doel van my werk onprakties wees om nog verdere onderverdelings te maak en byv. bywoorde en voorsetsels apart te bespreek, sodat ek alle woorde wat hieronder volg in een groep saamgevat het.

Zelden, benoorden, bezuiden, allerwegem, halverwegem,  
tevoren, heden, al myn leven, van myn leven, tegen,  
binnen, buiten, boven, samen, tussen, en open.

Die eerste drie laat in Afr. die slót -n weg: selde,  
benoorde, besuide.

Allerwegem, wat 'n 2de naamval mv. uitgang het, en halverwegem wat 'n vr. byvorm is van weg, kom in die Ndl. skryftaal dikwels voor as allerwege en halverwege, waarvan die Afr. vorme allerweë en halverweë is.

heden - hede (sien ook snw.)

In hedendaags is -n bewaar, hoogswaarskynlik onder Ndl. invloed. Die alreeds in Ndl. plegtig klinkende hedenavond, hedenmorgen, hedenmiddag kom in Afr. nie meer voor nie.

Die tussenwerpsel hede is 'n sogenaamde bastervloek en 'n vervorming van Heer(e) of hemel (vgl. Wdbk. op heden). Dit word gehoor in uitdrukkinge soos: O hede, hede tog.

Opm. Die Wdbk. B.v.d.M. en die Wd. lys gee net die vorm hede, maar baie algemeen is ook hete in: O hete, my hete.

beneden- benede

Ook in verbinding met ander woorde is benede altyd sonder -n : benededeur, benedevertrek.

al myn leven- almelewe.

Dis die enigste vorm wat in die Wdbk. B.v.d.M. en in die Wd. lys opgeteken staan, maar daarnaas word in sekere streke ook almelee<sup>gehoor</sup> en dit is in die streke veel

algemener as almelewe. Die verandering van al myn  
leven<sup>n</sup> almelee is die dieselfde as die van geven tot  
gee, blyven tot bly, Langenhoven tot Langenhoo.  
van myn leven - vanmelewe en vanslewe.

Ook hier word naas vanmelewe vanmelee gehoor, hoewel  
dit minder algemeen is as almelee.

tevoren- tevore, ook nog vantevore en na vore.

By die orige woorde bestaan daar 'n sekere sisteem wat die  
verlies of behoud van die slot-n betref.

Prof. J.J. Smith het hierdie woorde bespreek in Die Suider-  
stem ( 28 November 1936) met betrekking tot die probleem  
van die -n. Hoewel ons by bo (bowe), saam (same) en tussen  
gewoonlik geen moelikheid ondervind wanneer hulle alleen  
staan nie, is dit nie die geval as hulle in samestellinge  
of afleidinge voorkom nie, terwyl die onsekerheid by tee  
(teen) en buite(n) baie groot is.

Om hierdie kwessie te benader, gebruik Prof. Smith die  
woord "ademgroep", 'n handige term, waarmee wel heelwat  
moelikhede opgelos kan word, ofskoon nie algar nie. Op die  
end van so 'n ademgroep verdwyn -n maklik ( soos uit  
voorafgaande valle reeds geblyk het), maar in die middel  
daarvan bly dit behou. Hieruit sou dan volg dat binnen,  
buiten e.a. in die eerste posisie met -n en in die tweede :  
sonder -n uitspreek word.

Verder wys Prof. Smith daarop dat 'n voorsetsel so  
innig verbonde is met die volgende snw. of vnw., dat dit  
daarmee ean ademgroep vorm, terwyl 'n bywoord (of bnw.) in  
die reël 'n selfstandige ademgroep of die slot daarvan  
uitmaak.

Uit bostaande sou mens dan die reël kan aflei dat  
genoemde woorde as voorsetsel of as eerste lid in oorgeërfde  
of vaste samestellinge die -n behou en as bw. of bnw. dit  
verloor. Tereg merk Prof. Smith op dat die posisie  
nieteenstaande so'n reël nie so eenvoudig is nie, dat daar  
allerlei afwykinge voorkom en dat die proses ten spyte van

die taal se neiging na eenvormigheid nog glad nie sy beslag gekry het nie.

Hieraan sou ek wil toevoeg dat dit ook nie altyd volkome duidelik is wat nou presies 'n ademgroep uitmaak en wat nie, en dat woorde soos daarenteen, waarteen wel 'n -n het ofskoon die aan die end van 'n ademgroep staan.  
Tegen- teen of teë

Hoewel teen baie gebesig word, is die gebruik egter nog nie so algemeen dat dit as enigste vorm kan geld nie.

By teen (teë) gee Prof. Smith die volgende reëls:

Ons skryf teen :

1. Wanneer dit 'n vs. is: Ek leun teen die muur.
2. In samestellinge mits die nie skeidbare ww. of regestreekse afleidinge van sulke skeidbare ww. is nie: intendeel, teenaan, teenberig, teeneis, teenbesoek, teenstem, teenkandidaat, teenparty, teensin, teenspoed, teenstand, teenvoorstel, teenwind, teennatuurlik, teen(s)woordig,

Ook as laaste lid van samestellinge : daarenteen, daarteen, hierteen, waarteen ( vgl. opmerking hierbo).

Ons skryf teë

1. As dit 'n bw. of bnw. is : Ek is daarop teë. Ek is teë vir wild.
2. In samestellinge wat skeidbare ww. is of regestreekse afleidinge deur middel van nog lewende suffikse daarvan: teë-eed, teëgaan, teëhou, teëhouer, teëkant(ting), teëkoms, teëstaan, teëstem, teëvaller (teëval).

Om te laat uitkom hoe die spelling van Prof. Smith vergelyk met die van die Wd.lys en die Wdbk.B.v.d.M., plaas ek hier enkele woorde teenoormekaar. Die eerste ry stel voor die spelling van Prof. Smith, die tweede ry die van die Wdbk.B.v.d.M. en die derde ry die van die Wd.lys:

intendeel, teenaan, teenoor, teenstrydig, teenwoordig, teenstellen

-----,-----,-----,-----,-----,teë,(teen)

-----,-----,-----,-----,-----,teë,(teen)

teenbesoek, teenbevel, teeneis, teenmiddel, teenstem, teenstand

teë(teen) , 2 vorme , teeneis, nie , 2 vorme, 2 vorme

teë(teen) , 2 vorme , nie , 2 vorme , 2 vorme, 2 vorme

teëkanting, teëprater, teëwerking, teëhouer, teëvaller, teëstemming

2 vorme , 2 vorme , 2 vorme , nie , nie , 2 vorme

2 vorme , 2 vorme , 2 vorme , teëhouer, teëvaller, 2 vorme

daarenteen, daarteen, hierteen, waarteen.

2 vorme , 2 vorme, hierteen, waarteen.

2 vorme , 2 vorme, hierteen, waarteen.

As enkelvorme gee die Wdbk. B.v.d.M. en die Wd. lys dan nog: teendeel, teenstrydig en die Wdbk. B.v.d.M. teendr Ofskoon sommige woorde nie in die Wd. lys of die Wdbk. B.v.d.M. opgeneem is nie, blyk dit duidelik dat hulle op <sup>alle</sup> kardinale punte ooreenkom, maar veral wat die samestellinge met skeidbare ww. betref sterk afwyk van Prof. Smith.

Die Wdbk. B.v.d.M. gee teë as bwv. en teen as voors. en as snw. (die voor en teen van 'n saak), die Wd. lys gee teen as voors., maar 'n aanduiding by teë ontbreek.

In die voorwoord van die Wd. lys staan dat dit onprakties sal wees om by samestellinge alle wisselvorme op te neem, maar daar word nie gesê of daar by die skryfwyse van teë of teen enige bepaalde sisteem gevolg is nie, sodat ek aanneem dat die gebruiklikste spreektaalvorme die deurslag gegee het.

Waar die Wdbk. B.v.d.M. en die Wd. lys enkelvorme gee, kom hulle ooreen met Prof. Smith, wat natuurlik verder moet verskil omdat hy geen dubbelvorme erken nie. Die reël van Prof. Smith lyk logies genoeg, maar daarteenoor staan die feit dat die taal nou eenmaal nie logies is nie en hom nie maklik in 'n vaste sisteem laat vang nie, veral by woorde wat as't ware nog in 'n oorgang-

stadium verkeer. Daarby kom nog dat hierdie reël vry ingewikkeld is en dat dit die onderwyser in die laer-, en volgens my ondervinding ook in die hoërskool, baie hoofbrekens gaan besorg om die leerlinge die begrippe skeidbare en onskaidbare ww. regstreekse afleidings en nog lewende suffikse by te bring, terwyl die praktiese toepassing daarvan nog meer moeilikhede sal oplewer. Hoe sal die leerling byv. die verskil in spelling uitmekaar hou tussen: teëstem, teëstemming en teenstem, teëprater, teëspreker en teenspraak, teëstaan en teenstand. Selfs 'n volwassene met 'n behoorlike taalkennis sal soms tweemaal moet dink by sulke gevalle. En wat maak 'n mens met Prof. Smith se reël by woorde soos daarenteen, daarteen, hierteen en waarteen wat eintlik teen die reël (is<sup>n</sup>) hulle -n behou, terwyl in die spreektaal by die eerste twee net so dikwels teë gebruik word?

Die bybel gebruik deurgaans teëstander, teëparty en teëspoed. Om by hierdie en dergelike woorde 'n vaste en altyd geldende reël te abstraher en <sup>u</sup> formuleer, behalwe dan die onderskeid tussen bw. en voors. druis m.i. te veel ~~en~~ teen die werklike uitspraak in en doen die taal geweld aan.

#### binnen-binne

Binne word hoofsaaklik as bw. gebruik en dientén-gevolge het die -n-lose vorm die pleit beslis en ook die voorsetselvorm geword, sodat ons praat van: binne 'n uur, binne 'n week, binne my bereik.

Ek het probeer vasstel of daar in 'n uitdrukking soos "binne 'n uur" nog 'n -n voor die neutrale vokaal gehoor word, maar sover as wat my ondervinding reik, het niemand die slot-~~n~~ van binnen uitgespreek nie.

Ook in samestellinge is binne die reël: binnegoed

binnehuis, binnestap, binnekom.

Die Wd.lys gee binnekort aan, die Wdbk.B.v.d.M. binne(n)kort; die vorm sonder -n is ongetwyfeld die algemeenste.

In ou samestellinge met -s kry ons nog die -n: binnensmonds en binnenshuis.

Waar die Wd.lys net binnelands opgeteken het, maak die Wdbk.B.v.d.M. onderskeid tussen binnenslands (in the country) en binnelands wat as bnw. gebruik word in binnelandse sake, handel, onluste, 'n onderskeid wat m.i. te verkies is bo die enkelvorm.

Dubbelvorme tref ons aan by binne(n)ste en binne(n)ste-buite.

buiten-buite of buiten.

Prof. Smith, die Wdbk.B.v.d.M. en die Wd.lys gee as reël buite, wanneer dit 'n bw. is: buite woon, na buite gaan, van buite leer, en te buite gaan, buite staan.

As voors. gee die Wd.lys buite(n), die Wdbk.B.v.d.M. Prof. Smith merk op dat buite(n) meer as voors.gebruik word dan binne, terwyl dit in die betekenis van behalwe heel gewoon is, "sodat die analogie hiernie so ongehinderd kon werk nie."

Tog as mens kyk na die gebruik in: buite die dorp, tot buite die hek, buite die saak staan, buite homself, buite verwagting, buite weste, buite my gewete, buite hoop, buite twyfel, dan word dit duidelik dat buite ook as voors. die -n-vorm so te sê verdring het, sodat die reël van die Wdbk. B.v.d.M. vir buite as voors. veilig kan toegepas word. Waar enkele jare gelede nog twyfel was, is daar nou meer sekerheid, So skryf Prof. Bouman en Pienaar in hulle Spraakkuns nog buiten die huis, buiten twyfel (bl. 225) en Prof. Boshoff buiten sulke invloed om (Volk en Taal van SA

bl. 81 onderaan), waar nou gewoonlik of byna altyd buite staan.

In samestellinge is buite die gewone vorm: buite-kamer, buitenhuis, buitewyk, buite-op, buite-om (dus ook weer voor vokaal); maar in ou, veral ondeursigtige samestellinge het buiten gebly: buitendien, buitenshuis, buitenslands, buitenstyds en ook in buitengewoon, buitenmate en buitensporig. As wisselvorme gee die Wdbk.B.v.d.M. buite(n)toe en buite(n)egtelik, die Wd.lys het slegs buitentoe. Die Wdbk.B.v.d.M. is hier stellig moderne r.

Altwee het buitenste (vgl. binne(n)ste), waaruit weer blyk dat die -n nog<sup>nie</sup> so algeheel verban is as by binne nie.

Die bybel wat altyd buite besig, het buiten in: "Enige sonde wat 'n mens doen, is buiten die liggaam. In die betekenis van behalwe, word meestal buiten gebruik: "Almal was daar buiten twee."

boven-bo en bowe, boon en bowen.

Die verkorting van bove(n) tot bo het as volg geskied bove(n)- bowe- boë-bo.

Van die vier vorme word bowen en boon hoofsaaklik in samestellinge gebruik.

Prof. Smith skryf dat aangesien die bywoordelike gebruik van boven die gewoonste is, ook die voors. die -n verloor het. Prof. Smith praat van die paar gevalle waarin dit as voors. voorkom: bo my verstand, kop bo water hou en bo my vuurmaakplek. Hierdie paar gevalle kan egter heelwat uitgebrei word: bo die vriespunt, kookpunt, smeltpunt, bo die lawaai, die geskreeu, die rumoer, bo die 40, bo die sestig, bo my vermoë, my inkomste, bo my kop.

In genoemde voorbeelde kan bo dikwels vervang word deur bo-kant, en waar dit aardrykskundige ligging aandui of letterlike plaaslike betekenis het, is ~~dit~~ dit die enigste vorm, sodat die kort vorm per slot

van rekening tog oorheers en analogies kon werk.

As bw. kry ons bo in: hier bo, soos bo, na bo, van bo tot onder, maar bowe in: te bowe gaan, te bowe kom, wat deftig klink en duidelik Ndl. invloed toon.

Opm. Die bybel omskryf so'n uitdrukking dan ook meestal en gee dit weer met: "meer werd wees", "oortref", "meer wees", soos byv. in:

gaat gy dezelve niet ver te boven =  
is julle nie baie meer werd as hulle nie,  
gy gaat vele muschjes te boven =  
julle is meer werd as die mossies,  
die de kennis te boven gaat =  
wat die kennis oortref.

Slegs op een plek is dit bewaar: " die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan.

Soos te verwagte is, kry ons in die meeste samestelling bo: bodeur, bolyf, bokaak, bohuis, bo-om, bo-oor, bo-op, bo-aan (dus weer voor vokaal.)

'n Verkorte vorm waarin -n bewaar is, is boon, wat ons aantref in: boontoe, boonste (vgl.

buitentoe en buitenste) en boonop wat verskil in betekenis van be-op. Afwisseling tussen bo en

bowe het ons in: bo(we)bedoelde, bo(we)staande, bo(we)natuurlik (Prof. Smith gee ook bowennatuurlik), bo(we)toon, bo(we)hand, waarin bowe meer Ndl. klink as die suiwer Afr. bo.

Die Wdbk. B.v.d.M. gee die dubbelvorme bo en bowen by bowenaards en bowenal (bo-aards en bo-al).

Die Wd.lys het net die vorme met -wen opgeteken, terwyl Prof. Smith ook nog bowe-aards het. Ook hier is die -wen-vorme die deftigste.

Van bowendien word net een vorm gegee, dit is trouens 'n woord wat nie eintlik in swang is nie en vervang word deur boonop en buitendien.

Opm. Die Afr. vir bovenmaté is nie opgeteken nie, terwyl boven in die betekenis van behalwe ook nie in Afr. voorkom nie: boven het verbond-behalwe die verbond boven al onze sonden-by al ons sondes.

Uit bogaande blyk dit dat die reël: bo <sup>en</sup> bowe as bw. en voors. net soos by buite met die praktyk klop.

Samen - same of saam (ook in Ndl.)

Saam (same) is altyd bw. sodat dit nooit -n het nie, alleen sowel as in samestellinge. Daarby kom nog die feit dat altwee in Ndl. baie gebruik word.

Die ouer vorm same kom vernaamlik voor in samestellinge wat nie werkwoordelike vorme is nie: samekoms, same-swering, samevatting, samestelling, samesmelting, samelewing. Die Wdbk.B.v.d.M. gee die volgende dubbelvorme: (saam)samehorigheid, saam(same)loop, saam(same)gesteld, saam(same)hang (ww.)

Die enigste dubbelvorm in die Wd.lys is: saam(same)-gesteld; die enkelvorme is: saamhorigheid en samelooop, wat ongetwyfeld die gangbaarste is. Die verskil tussen saamhorigheid en samehorigheid is blykbaar een van aksent. Die eerste vorm is my die beste bekend. By skeidbare ww. kry ons steeds saam: saandra, saamhok, saamleef, saamvat.

'n Enkele maal kom saam ook los van die grondwerkwoord voor soos in: algar saam, deur ons saam betaal, hulle het dit saam verdien. Hier laat die Wdbk.B.v.d.M. ook same toe, hoewel dit maar selde gehoor word.

tussen - tussen

Tussen as aparte woord is altyd 'n voors. en daarom moet ons die vorm met -n verwag, wat dan ook klop met die gebruik. As voors. is dit so nou verbonde met die volgende woord dat dit daarmee een ademgroep vorm en gevolglik die -n bewaar.

In sy artikel het Prof. Bosman tussen vermeld as 'n uitsondering op die dissimilasiegroep. Die ademgroep-teorie bied m.i. 'n aanneemlike verklaring vir hierdie uitsondering. Deurdat die slot-en van tussen nooit

op die end van 'n ademgroep staan nie, het dit aan die velarisering kon ontsnap, iets wat by kussing (kussen) Die voorbeelde van tussen as voors. is so talryk, dat die twee bw. intussen en daartussen nie aan die analogie kon ontkom nie en ook die -n het (vgl. daar teen en hierteen.)

Open -oop en ope.

Hoewel Prof. Smith nie hierdie woord behandel nie, kan dit ook in hierdie groep bespreek word

Oop(ope) word nes saam(same) nooit as voors. gebruik nie, met die gevolg dat dit nooit -n het as dit apart staan nie.

As bw. is oop die enigste vorm: Die deur staan oop: die veld lê oop; oop-en-toe aankom.

Ook as bnw. attributief sowel as predikatief is oop baie algemeen: 'n oop deur, 'n oop huis, 'n oop hals, 'n oop nek, 'n oop mond (soms ook aanmekaar geskryf: moenie my so oopmond staan en aankyk nie), en: die venster is oop, die saal bly die hele aand oop.

As oop(ope) nie in die letterlike betekenis gebruik word nie, is dit ope, sodat ons naas mekaar kry: 'n oop brief en 'n ope brief (an open letter to the press), 'n ope wissel, 'n ope vraag, 'n ope toernooi, 'n ope klas (bv. by die Eistedfodd), en 'n oop deur naas "die beleid van die ope deur."

Waar naas die oordragtelike betekenis ook die letterlike betekenis gevoel kan word, kom altwee voor:

'n oop (ope) graf, met oop (ope) arms ontvang, oop (ope) kaart speel.

In opelyf vorm ope deel van 'n samestelling; die vorm ope kan hier moontlik in verband staan met die aksent. Skeidbare ww. het steeds oop: oopgaan, oopsny, oopkap. Open kom voor in: openbaring, opening, openlik, openhartig en openheid.

(Die) Samevatting van Partikels.

Die geval van die slot-n by die partikels in Ndl. is deur J. H. van den Bosch gekenskets in die woorde: ----" voorzetsels en bywoorde op -en hebben in't algemeen in de Frankiese streken ook in het Beschaafd geen slot-n (Taal en Letteren, 72 Jrg., bl. 259.)

Hierdie uitspraak kan nie sonder meer in Afr. toegepas word nie; welgeld dit in hoofsaak vir die bywoorde, soos o.a. selde, benoorde, besuide, tevore, hede, almelewe, vanmelewe, maar by die voorzetsels tussen en teen word -n behou.

In Afr. is dit vernaamlik 'n kwessie van watter gebruik die oorheersende is: die bywoordelike of die voorzetselgebruik. In die eerste geval verdwyn slot-n (of -en), in die tweede geval bly dit bewaar.

'n Ander verskil met Ndl. is, dat slot-en in Afr. by sommige bywoorde in sy geheel kan wegval: bo, saam, oop (ook as bnw.) Ons kan die volgende opsomming gee vir die verlies of behoud van slot-en:

1. Die partikels verloor slot-(e)n, as hulle gebruik word:
  - (a) uitsluitend as bw.: saam(same), selde, benoorde, besuide, tevore, hede almelewe, vanmelewe.
  - (b) as bw. of bnw. : oop.
  - (c) as ~~bw~~ of voors. indien bywoordelike gebruik oorheersend is: bo, buite, binne.

By saam, bo en oop val slot-en gewoonlik weg. Indien slot-e wel voorkom, is dit hoofsaaklik toe te skrywe aan Ndl. invloed: vou jou hande same, te bowe gaan, of aan figuurlike taalgebruik: 'n ope brief.

As die gevalle onder 1 kan ook as volg geformuleer word: Slot-(e)n val weg as die -en-uitgang op die end van 'n ademgroep staan, mits geen ander faktore soos analogie, Ndl. invloed hulle kan laat geld nie.

2. Slot-en bly bewaar by die partikels wat:

- (a) uitsluitend as voors. gebruik word: tussen  
 (b) afgelei is van tussen; intussen, daartussen  
 (c) as voors. gebruik word (dus nie as bw. nie):  
*en ook by betekenisverskil: buiten = behalwe*  
teen

As voors. in Ndl. tegen in afr. altyd teen,  
 maar as bw. wissel teë en teen af.

Die gevalle onder 2. kan ook aldus saamgevat  
 word: Slot-en bly behou by partikels as dit  
 nie op die end van 'n ademgroep staan nie en  
 geen ander faktore in die spel is nie.

#### Partikels as eerste deel van Samestellinge.

Ook hier het ons voor een en dieselfde konsonant vorme  
 met of sonder -n: buitendeur en buitendien, binneste  
 of binneste, buitentoe of buitentoe.

Onderstaande samevatting sal nogtans die meeste gevalle  
 dek: Slot-n word behou in partikels as eerste deel van  
 samestelling.

- (a) Onder Ndl. invloed: hedendaags, binnenshuis,  
buitenslands, buitenmate, buitenegtelik, bowendien,  
bowenal, bowenaards, openhartig.  
 (b) by betekenisverskil: boonop (bo-op) ~~buiten~~(~~behalwe~~),  
binnenslands (binnelandse)  
 (c) soms voor -d, dikwels voor -s en -t: buitendien,  
binnenste, buitenste, binnensmonds, boonste, bui-  
tentoe, boontoe.

Die -n bly nie behou voor volgende vokaal nie: buite-op,  
buite-om, bo-al, bo-aards, bo-oor, bo-om. Die vorme  
bowenal en bowenaards staan onder Ndl. invloed.

Daar is slegs twee partikels met slot-en wat as laaste  
 deel van 'n samestelling voorkom: tussen en teen.

By tussen is die voorsetselgebruik so oorheersend dat  
 slot-n ook bewaar is in daartussen en intussen.

By teen kry ons twee vorme met konstante slot-n: hierteen  
 en daarteen, en twee met of sonder -n: daarenteen of  
daarenteë, daarteen of daarteë.

Die Huisgenoot 22 Aug. 1941, Bl. 61, kolom 11) hoewel die soort ww. te min is vir konklusies.

Verder het ondersoek na die taal van Johanna Duminy en Louis Trichardt aan die lig gebring dat by twee agtereenvolgende infe. gewoonlik die eerste die slot-n verloor. (Dr. A. J. de Villiers: Johanna Duminy se Taal, pp. 72-4 en Dr. J. Smuts: 'n Onderzoek na die Ontwikkelingstadium van Afrikaans teen die Tyd van die Groot Trek, bl. 278.) Selfs Trichardt wat in sy verlede deelwoorde en infe. so angsvallig aan die slot-n's vasklem, laat hulle daar meestal los (Dr. Smuts, bl. 269 en 278, t.a.p.)

In verband met die ondersoek van die taal van vroeëre Afr. geskifte, waarvan hier bo sprake was, wil ek enkele bevindings aanhaal:

In Wikar se skryftaal is daar net soveel infe. met 'n uitgang as daarsonder (

In Johanna Duminy se Dagboek is daar 216 infe. met 'n uitgang en 88 daarsonder. Sy skryf nie graag die slot-n na 'n stam op -g of -d nie. (Dr. A. J. de Villiers se M.A. tesis: Die Klankleer en Vormleer van Johanna Duminy se Taal, bl. 72).

By Boniface kom 156 infe. voor wat in Ndl. op -en sou uitgaan. Boniface skryf 58 sonder uitgang, 70 met -e en 21 met -en. Boniface gebruik na verhouding meer infe. met 'n uitgang as wat die geval is by ander Afr. tekste, uitgesonderd die samespraak van Teenstra en die twee boerebriewe in "De Zuid-Afrikaan" van 1830 en 1831. (Dr. J. du P. Scholz: Tydskrif vir Wetenskap en Kuns Bd. 4, 2de aflewering, 28 Des. 1943, bl. 86 en 102.)

In die Afr. van Kaatjie Kekkelbek tref ons 23 infe. in verskillende funksies aan en daarvan is 20 sonder uitgang; 1 eindig op -en, en 2 op -e. Al is die taal soms plat, sit daar niks of min in wat tipies Hottentot-Afr. kan genoem word. (Dr. J. du P. Scholz:

Huisgenoot 21 Nov. 1941, bl. 47, kolom 11)

Trichardt skryf in sy Dagboek op enkele uitsonderinge na alle infe. met -en. (Dr. J. Smuts: bl. 278, t.a.p.)

Bezuidenhout gebruik in sy Brief van 1881 selde 'n inf. met 'n uitgang; van die 67 infe. is 47 sonder 'n uitgang, 9 op -e en 11 op -en. Van die laaste is neervallen 'n boekwoord, terwyl van sommige van die ander ook uitganglose vorme voorkom. "Uit die brief is af te lei dat Bezuidenhout in sy spreektaal selde 'n inf. met 'n uitgang gebruik het." (Dr. J. du P. Scholz: Die Huisgenoot, 20 Junie 1941, bl. 51, kolom 2.)

By Meurant kry ons 80% infe. wat geen uitgang het nie, vorme op -en is seldsaam, sodat die op -e byna 20% uitmaak. Meurant skryf doeltrewus Afr., al is die Ndl. tradisie sterk. (Dr. J. du P. Scholz: Die Huisgenoot 22 Aug. 1941, bl. 61, kolom 2).

Terwyl Dr. Smuts glo aan die moontlikheid van 'n fonetiese proses by die wegval van die inf. uitgange, konstateer Dr. Scholz "dat 'n fonetiese verklaring vir behoud of wegval van die -e ook nie te gee is nie. Feitlik alle infe. wat nog -e het, kom ook daarsonder voor en daar is geen aanduiding dat die behoud of wegval van -e met die aard van die voorafgaande klank saamhang nie." (Die Huisgenoot 22 Aug. 1941, bl. 61, kolom 2). Dr. Scholz skryf die behoud van Trichard se inf.-uitgange toe aan die Ndl. bybeltaal en is van opinie dat Albach se taal, veral wat die vereenvoudigde ww. vorme betref min of meer dieselfde is as die destydse spreektaal. (Die Huisgenoot 20 Junie 1941, bl. 51 kolom 3.)

Die uitslag van genoemde studies het dus nie veel opgelewer wat kan help om my veronderstelling te steun nie. Tog staan daarteenoor weer die feit dat in Afr. nog sekere infe. op -e uitgaan sonder dat die -e eintlik enige duidelike funksionele waarde besit. Dit is

hoofsaaklik die ww. wat in Ndl. uitgaan op -den, -gen (veral wanneer -g wegval na vokaal of -r) en -ven:

Werkwoorde soos: belande, bidde, binde, melde, ontgelde, ondervinde, vasspelde, vergelde, vinde, vryskelde, worde, bêre, sôre, swye, têre, wae, weë, bewe, lawe, lewe, skrywe, vergewe, word in die reël willekeurig afgewissel met vorme sonder -e, iets wat wel deeglik op eie ontwikkeling langs fonetiese weg wys.

Vervolgens is daar nog die verkorte Ndl. dialektvorme, soos o.m. bly, gee, hê, lê, gesê met al hul wisselvorme, veral talryk in die 17e eeuse klugte, wat algar toon dat nie alleen Afr. nie, maar ook Ndl. swak beklemde slot-lettergrepe sterk kon reduceer of laat verlore gaan.

Sonder om verder daarop in te gaan, noem ek nog enkele Afr. ww. waarvan die Ndl. vorme op -en nie bekend is nie en wat deur sommige taalgeleerdes aangehaal is as voorbeelde van funksieverandering: gallop; jag; kapater, skuld, tjap, tolk, e.a. Vir hierdie en dergelike ww. verwys ek na Prof. Bosman se Oor die Ontstaan van Afrikaans (bl. 81), Prof. Boshoff se Volk en Taal van S.A. (bl 289 en 290) en ook na Growth and Structure of the English Language (bl. 94 en 150) van Jespersen, wat dit duidelik laat uitkom dat by 'n sterk gedeflekteerde taal woorde slegs skynbaar van soort verander.

#### Indeling van Werkwoorde.

Die volgende ww. is op dieselfde manier ingedeel as die naamwoorde, nl. volgens die konsonant wat aan die Ndl. slot-en voorafgaan, sodat ons die volgende groepe kry:

- |                       |                           |
|-----------------------|---------------------------|
| 1. hebben, schrobben  | 10. afstoffen, beseffen   |
| 2. juichen, lachen    | 11. boeien, břeien        |
| 3. brengen, hangen    | 12. bellen, dolen         |
| 4. breken, beuken     | 13. beginnen, bezinnen.   |
| 5. ademen, balsemen   | 14. gebeuren, gewaren.    |
| 6. dampen, druipen    | 15. benieuwen, hernieuwen |
| 7. bruischen, eisehen | 16. arbeiden, bieden      |

8. baten, eten                    17. buigen, dagen  
9. azen, blazen.                18. beven, durven.

Bostaande agtien groepe kan weer in drie hoofafdelings ondergebring word:

- A. Die ww. wat slot-en in Afr. verloor het (groep 1 - 9)  
B. Die ww. wat soms slot-e behou (groep 10 - 15)  
C. Die ww. waarvan vorme op -e meermale voorkom  
(groep 16 - 18)

Die ww. van een groep is nie in alfabetiese volgorde geplaas nie, maar gerangskik volgens die klinker, tweeklank of konsonant wat aan die slotklank van die Afr. ww. voorafgaan.

Groep 1.: -en voorafgegaan deur bilibiale eksplosief.

Ndl. hebben , aanslibben , schrobben en tobben

Afr. hē-het , aanslib , skrop en tob

Die Ndl. inf. hebben het in Afr. nie tot 'n persoonsvorm hē ontwikkel nie, maar is hier verdring deur die persoonsvorm het. In die 17e eeu kom <sup>ook</sup> o.a. die volgende variante teë: ick he, ick het, het, heet (heb et), hi het, heit, men heet, ghi hed. Herhaaldelik kry 'n mens ook sinswendinge soos: "wat hettét te beduyen," en "wat het hy te doen" (vgl. A. A. Verdenius: De Nieuwe Taalgids 24ste Jrg. bl. 180). Uit al hierdie verskillende 17e eeuse vorme kon daar dus in Afr. heel maklik 'n vorm het ontstaan eenvoudig as gevolg van gelykmaking.

Opm. Dit is interessant om Afr. hier met Fries te vergelyk. Waar Afrikaners het gebruik vir alle persoonsvorme, besig die Friese dwarsdeur hē. (vgl. Dr. Kruisinga: Taal en Letteren, 16e Jrg. bl. 424.)

Van die inf. hebben kry ons in die 17e eeu 'n vorm wat al heel na aan die Afr. hē staan: "Wa Tongeskens, diem' elders het Pôtrays gedoopt te hē van de Zee." (Smout par. 112.) In Zeeland en ook in Vlaardinge word dikwels sinnetjies soos: "wi-je't nie è" gehoor. In ou Afr. tekste tref ons: hebben, hebbe, hewwe

('n gewone vorm in Zaans), hehn en soms hae of he aan.  
Dit is dus waarskynlik dat hebben of hebbe deur hewwe  
tot hê ontwikkel het.

Groep 2: -en voorafgegaan deur stemlose velêre frikatief.

Ndl. juichen en lachen.

Afr. juig en lag.

Groep 3: -en voorafgegaan deur stemhebbende velêre nasaal.

hang, verlang, bring, dring, sing, wring, meng, pleng,  
seng, verleng.

Groep 4: -en voorafgegaan deur stemlose velere eksplosief

braak, kraak, laak, maak, raak, staak, waak, breek, kweek,  
wreek, bak, pak, sak, mik, prik, stik, wik, dek, vrek, kook,  
rook, stook, buk, druk, geluk, beuk, jeuk, kreuk, verneuk,  
duik, fnuik, gebruik, reik, blyk, kyk, lyk, pryk, stryk,  
balk, bulk, kolk, melk, verwelk, blink, bonk, dank, dink,  
drink, dunk, hink, klink, sink, skink, skink, stink, tjank,  
vermink.

Opm. By dank teken Dr. D. F. Malherbe in Afrikaanse  
Taalboek (bl. 60) aan: "Opmerking verdien dat  
naas dank, gedank, voorkom danke, gedanke, alleen  
ten opsigte van die dankgebed aan tafel; "Danke  
jy asseblief; sal ons danke? ons het gedanke.  
Self het ek dit nog nooit gehoor nie, die Afr. bybel  
het uitsluitend dank, sodat ons wel kan aanneem dat  
die geslag wat dit nog gesê het, byna verdwyn het.

Groep 5: -en voorafgegaan deur stemh. bilabiaale nasaal.

beraam, skaam, aanklam, kam, lam, opdam, fleem, neem, klem,  
rem, stem, swem, tem, adem, balsem, wasem, glim, klim,  
droom, skroom, stoom, brom, drom, grom, kom, opdoem, ver-  
doem, bedwelm, galm, inpalm, vermolm, walm, beskerm, kerm  
ontferm, swerm, vorm wurm.

Opm. Naas bedwelm wordin die spreektaal soms bedwelling  
gehoor.

Groep 6: -en voorafgegaan deur steml. bilabiaale eksplosief.

gaap, kaap, raap, slaap, hap, kap, klap, stap, dweep, inseep  
sleep, verskeep, aanstip, knip, wip, doop, hoop, koop, loop  
stroop, dop, fop, klop, stop, volprop, swiep, verdiep,  
roep, snoep, druip, kruip, suip, gryp, knyp, slyp, help,

stelp, tjilp, damp, stamp, verdamp, demp, afstomp, pomp,  
skerp, snerp, slurp, werp, berispe, gespe(r), oprisp(é),  
raspe(r).

Die ww. op -pe soos berispe en oprispe vorm slegs 'n skynbare uitsondering op die groepe wat algar -en verloor het. Na stemlose konsonant plus eksplosief word in Afr. 'n -e agtergevoeg, sodat die -e geen oorblyfsel van die Ndl. uitgang is nie. (vgl. ook ruspe.)

Opm. Omdat -sp aan die end van 'n woord eintlik 'n onafrikaanse klankkombinasie is, lyk dit my dan ook beter om by berispe met die een vorm te gee, soos die Wd.lys dœn, as om daarby as newevorm berisp te gee soos die Wdbk. B. v.d.M. Van oprisp wat nie in die Wd.lys staan nie, gee die Wdbk. B.v.d.M. net die vorm sonder -e; ek sou oprispe as enigste vorm verkies.

Naas raspe (Ndl. raspen) kom ook voor rasper (Ndl. rasperen) wat in Afr. in uitgebreider frekwentatiewe betekenis gebruik word (vgl. Boshoff: Volk en Taal, bl. 298),

Die snw. is hier rasper (Ndl. rasp.)

Gespe het as newevorm gesper; die snw. is gespe(r).

Die -r kan dus nie uit Ndl. afstam nie, sodat ek aanneem dat, gesien ook die enkelvorm rasper (snw.) en die dubbelvorm gespe(r), die -r hier na analogie van rasper aangevoeg is.

Groep 7:-en voorafgegaan deur steml. alveoËre frikatief:  
bas, bras, kras, las, pas, uitvars, les, gis, mis, opdis,  
vis, los, uitdos, kus, sus, eis, hys, krvs, omlys, bruis,  
suis, loods, beheks, boks, dans, skrans, verskans, wens,  
frons, dors, mors, skors, tors, plaas, kaats, skaats,  
klits, ophits, spits, splits, kwets(kwes), naboots, bots,  
klots, kots, kóts(koes), poets, toets, pruts.

Groep 8: -en voorafgegaan deur steml. alveolêre eksplosief  
baat, haat, laat, praat, mat, soebat, spat, eet, meet, bet  
spit, vit, bot, spot, vrot, dut, put, stut, geniet, giet,  
skiet, buit, fluit, muit, snuit, spruit, stuit, sif, skif,  
byt, kryt, slyt, spyt, splyt, smyt, verwyt, smelt, ag, smag,  
smag, heg, kneg, vleg, lig, stig, dug, lug, sug, ent, munt  
plant, teenkant, smart, stort, tart, verkort, haas, bars,

tas, vas, bemes, pes, twis, troos, kos, hoës, proës, roës.

Opm. By smag, skif, hoës, e.d. verval ook die -t aan die end, omdat -cht ( -gt), -ft en -st aan die slot van 'n woord onafrikaanse klankkombinasies is. Die vorm oës gaan terug op 'n Ndl. dialekvorm oegsten wat uit ou-Frankies oeoust stam.

Groep 9: -en voorafgegaan deur stemh. alveolêre frikatief.

aas, blaas, daas, raas, geneës, lees, vrees, bloos,  
liefkoos, verwaarloos, kneus, knies, nies, vries, suis,  
vergruis, reis, prys, vergrys, ys, onthals, behels, glans,  
grens, bons, gons, plons, slons, deins, greins, veins?

Opm. Verloor (Ndl. verliezen) is in Afr. 'n ww. met opgeskuipte verlede tyd (vgl. ook Bosman: Oor die Ontstaan van Afrikaans, bl. 95 en 147).

Uit al die voorbeelde wat hierbo gegee is, blyk dit dus dat al die werkwoorde van die eerste nege groepe die slot-en van die Ndl. infinitiewe in sy geneel verloor het.

As ons die werkwoorde groepeer volgens die klank wat aan die -en-uitgang voorafgaan, kan ons dit opsom as volg:

Absolute verlies van slot-en vind in Afr. plaas by Ndl. ww. waarvan die -en voorafgegaan word deur:

- (I) stemlose velêre, stemlose of stemhebbende alveolêre frikatief (-ch, -s, †z ) ,
- (II) stemhebbende of stemlose bilabiale, stemlose velêre of alveolêre ekspolsief ( -b, -p, -k, en -t),
- (III) stemhebbende velêre of bilabiale nasaal (-ng en -m).

B. Werkwoorde wat soms slot-e behou.

Groep 10: -en voorafgegaan deur stemh. labiodentale frikatief.

blaf, maf, straf, verskaf, besef, hef, kef, tref, afstof,  
bof, plof, slof, verdof, bluf, muf, puf, suf.

Naas plof, stof (afstof) en straf, word soms ook plowwe, stowwe en strawwe gebruik. In Afr.Fon. (bl. 126) word in verband hiermee gepraat van " 'n sterk toenemende neiging om -f, beantwoordende aan Ndl. -f, tussen klinkers in 'n lettergreep sonder hoofklem as -v te doen optreë." Dit is egter ~~nie~~ my ondervinding nie. Ek twyfel sterk aan hierdie "toenemende neiging", veral ook omdat -f veel gewoner is

na 'n kort klinker, en klanknabootsende woorde soos plof en ontplof veel tekenender is as die slapper newevorme op -we. Naas blaf word in Griekwaland-Wes soms ook blawwe gehoor, maar dit is glo elders weinig bekend.

Groep II: -en voorafgegaan deur stemh. palatale frikatief.

draai, kraai, lawai, maai, naai, paai, saai, verfraai,  
waai, brei, skrei, vermei, gedy, bnoei, bemoei, besproei,  
boei, gloei, groei, roei, skroei, snoei, stoei, verfoei,  
vermoei, vloei, dooi, flikflooi, gooi, looi, plooi, strooi,  
kruï.

Vir sover my ondervinding strek is die enigste twee woorde wat hier 'n -e het: boei(e) en kruï(e). Die vorm boeie kom weinig voor en staan ook nie in die Wd.lys en die Wdbk.B.v.d.M. opgeteken nie. Kruie in die betekenis van iets wegkruie is tamelik algemeen.

Ww. soos baai, laai, raai, verraai, bloei (to bleed), wat in Ndl. wel met 'n -d geskryf word, het die -d nie in die gewone uitspraak nie. " In plaats van een -d, spreek men tusschen twee klinkers een -j uit: goeje, Leie, sneeje, i.p.v. goede, Leiden, sneden. Een Hollander die hier de slot-n laat hooren, spreek gemaakt en ook de uitspraak met -d gaat hem niet te best af." ( vgl.J.W.Muller: Taal en Letteren, Iste Jrg. bl.203). En Dr.N.van Wyk druk dit nog beslist uit waar hy sê: " Hieruit volgt dat vormen met intervokaliëse -d geen klankwettige Hollandsche vormen kunnen zyn." ( Tydschrift No.26,bl.15).

Naas skaad, (ver)smaad het ons in Afr. skaai en (ver)smaai, vorme wat ook bekend was in die Hollandse volkstaal van die 17e eeu ( vgl. Boshoff ; Volk en Taal , bl. 238 ). Nooi is afkomstig uit Ndl. noojen.

Groep I2: -en voorafgegaan deur stemhebbende syklank.

daal, draal, dwaal, faal, haal, maal, opsaal, praal, smaal,

staal, straal, versmal, beveel, heel, kweel, speel,  
steel, streel, veel, bel, hel, herstel, knel, kwel,  
spel, bedel, borrel, fonkel, hael, handel, hekel,  
huigel, huppel, konkel, martel, messel, prewel, reël,  
skommel, takel, wandel, bedil, dril, gril, spil, stil,  
wil, dool, bol, hol, lol, rol, stol, brul, kul, krul,  
smul, vul, peil, seil, kniel, heul, neul, smeul, joel,  
krioel, spoel, stoel, voel, woel, huil, vervuil.

Van al hierdie ww. is daar net een wat ek soms met slot-e gehoor het, nl. spel(le).

Opm. Die Ndl. ww. zullen bestaan in Afr. nie meer nie; die enigste vorm is sal, wat vir alle persoons-vorme gebruik word.

Groep 13:-en voorafgegaan deur stemh.alveolêre nasaal.  
baan, gaan, maan, staan, taan, traan, waan, ban, beman,  
kan, leen, meen, speen, ween, beken, ken, afbaken,  
keten, reën, reken, seën, teken, lyken, begin, bemin,  
besin, spin, win, (wen), hoon, kroon, loon, troon, ver-  
skoon, gun, dein, kwyn, skyn, verskyn, deun, dreun,  
kreun, leun, steun, karring en torring.

Ook hier is net een ww. wat met slot- voorkom, nl.

beginne, In die praesens, in die infinitief en as verlede deelwoord is beginne heel gewoon.

By die ander wisselvorme: begint, reent, lykent, karring en torring het ons te doen met gevalle van parago-gie en velarisering.

Reën en seën is saamgetrokke uit Ndl. regenen en zegenen. Naas reën word ook reent gebruik sonder enige betekenis-verskil (vgl. snw. op -gen van Tesis.)

In die taal van sommige persone word soms nog lyken(t) gehoor, veral in 'n sinswending soos: "Hoe lyken dit vir jou?" In Ndl. dialekte en in 17e eeuse klugte kom lykenen dikwels voor en ook lykent as persoonsvorm: "Je lykent wat ontstelt" en "het lykent s' op een deuyt."

Karring en torring uit Ndl. karnen en tornen vertoon assimilasië van -n aan -r en velarisering van slot-en tot -ing as gevolg van dissimilasië.

Groep 14: -en voor afgegaan deur stemh. alveolêre triller  
baar, bedaar, bewaar, gewaar, opgaar, paar, skaar, spaar,  
beheer, beseer, beweer, deer, dineer, dreineer, halveer,  
keer, leer, prakseer, skeer, teer, belemmer, bewonder,  
dobber, erger, flikker, fluister, glinster, hinder,  
kuier, klouter, lewer, mymer, nader, offer, pleister  
suiwer, verander, weier, versper, boor, bekoor, hoor,  
plesier, rentenier, tuinier, beur, gebeur, geur, keur,  
leur, seur, skeur, steur, treur, boer, koer, loer, roer,  
snoer, voer, duur, huur, tuur, vuur,

Van bostaande ww. is daar twee waarvan die vorme op -e my bekend is: gebeure en geware.

Dr. D. F. Malherbe noem gebeure in sy Afr. Taalboek (bl.60) en E. Marais gebruik geware in een van sy verhale in die sin: "As hy jou geware."

Opm. Skinder kan 'n frekwentatief van Ndl. schendenwees, syfer in die betekenis van deursyfer staan naas Ndl. sypelen, syperen, sieperen, terwyl uiter uit die 17e eeu stam. (vgl. Boshoff: Volk en Taal, bl. 298).

Uit die 17e eeuse vererren en ergeren kom as kontaminasië vorm Afr. vererg ontstaan het.

Naas hoor en behoor kom dikwels voor hoort en behoort, waarby die -t waarskynlik agtergevoeg is. In die betekenis van luister (hear) kom daar nooit 'n -t agter hoor nie. Miskien is dit ook van belang dat hoor(t) en behoort(t) gewoonlik deur te of dit gevolg word: Jy behoor(t) te weet of jy behoor(t) dit te doen.

Groep 15: -en voorafgegaan deur stemh. labiodentale frikatief.

aanskou, afknou, berou, bou, brou, hou, jou, klou, kou,  
miaau, rou, sjou, trou, verflou, vernou, vertrou, vou,  
hu, lu, sku, stu, verafsku, waarsku, geen, skreeu, sneeu,  
benieu, hernieu, vernieu, vermurf.

Die -w is tussen vokale of tussen tweeklanke en vokale in die reël gesinkopeer; waar dit nie gebeur het nie,

kry ons vorme op -e: benuwe, hernuwe, vernuwe.

Na -r is -w verskerp tot -f in vermurf, waarnaas ook vermurwe voorkom.

Hierdie ww. op -we, veral die eerste drie, is ontleninge uit Ndl. en het nog een vaste vorm in Afr. nie. So het ons uit Ndl. benieuwen in Afr. benieu en benu (benuwe is nêrens opgeneem nie,)

uit Ndl. hernieuwen - hernieu, hernu, hernuwe (hernuut is nie opgeteken nie,)

uit Ndl. vernieuwen - vernieu en vernuwe (vernu en vernuut ontbreek.

Opm. Die twee bekendste vorme van Ndl. schreeuwen is skree en skreeu, waarvan die eerste in die W. Provinsie en in die Klein Karoo verreweg die meeste gebruik word. In die binneland word behalwe skreeu ook skrou gebruik en die Afr. Fon. noem ook nog skri en skreo. Van spuwen het ons spu, wat 'n versagtende vorm van spuug (spugen) is. Meer gewoon is spoeg of spoe uit Ndl. spoegen. Die Ndl. ww. duwen en gruwen bestaan in Afr. nie meer nie.

'n Oorsig oor die so juis behandelde groepe 10-15 toon ons dat vorme op -e hier en daar voorkom; hoewel hulle aantal besonder klein is. Vir sover ek dit kon nagaan, is daar slegs dertien sulke vorme: afstowwe, beginne, benuwe, boeie, gebeure, geware, hernuwe, kruie, plowwe, spelle, strawwe, vermurwe, vernuwe.

As ons die Ndl. ontleninge buite beskouing laat, dan is dit eintlik net beginne <sup>en spelle</sup> wat 'n lewenskragtige <sup>by</sup> vorm op -e het. Die orige woorde, d.w.s. die volkswoorde, eindig meestal nie op -e nie.

Ons kan dit in onderstaande formulering saamvat:

Slot-e bly in Afr. sporadies bewaar by ww. waarvan die Ndl. -en-uitgang voorafgegaan word deur:

- (1) stemlose of stemhebbende labiodentale of stemhebbende palatale frikatief (-f, -w, -j,)
- (11) stemhebbende laterale of trillende alveolaar (-l en -r)
- (111) stemhebbende alveolêre nasaal.(-n).

Die twee laasgenoemde gevalle sou ook kan vervang.

word deur : "die likwiede: -l, -n en -r."

C. Werkwoorde waarvan vorme op -e meermale voorkom. Nou res daar nog die laaste drie groepe wat as gevolg van bepaalde klankwette gekenmerk word deur aansienlike variasie van die slotklank, sodat ons van eenselfde Ndl. grondvorm verskillende Afr. vorme kry. Hier is allerhande faktore in die spel, maar "een gedeelte dezer woordvormingen, waarin het woordaccent een voorname rol speelt en de omgangstaal veel verder gaat dan de schryftaal, wordt veroorzaakt door de onwillekeurige neiging om de spraakklanken, die in de woorden voorkomen, met zoo weinig mogelyk inspanning voort te brengen, m.a.w. om de uitspraak gemakkeliker te maken of te vereenvoudigen" (Verdam: Uit de Geschiedenis der Nederlandsche Taal, bl. 247.)

In aansluiting by die "gemaksug" word in Afr. Fon. (bl. 172 gepraat van die wet van arbeidsbesparing wat aangehaal word ter verklaring van die feit dat baie meer lettergroepe op 'n vokaal eindig as op 'n konsonant. En die feit geld in besondere mate vir die verba wat hieronder bespreek word.

Die drie groepe ww. gaan in Ndl. uit op -den, -gen en -ven. Intervokaliëse -d word in Afr. en ook dikwels in die Ndl. spreektaal gesinkopeer, of dit gaan oor tot -j of -w; Ndl. -v het in Afr. tussen vokale of tussen -l, -m, -n, -r en 'n vokaal in swakbetoonde lettergreep oorgegaan tot -f of -w, en Ndl. -g is in Afr. tussen vokale uitgestoot of het stemhebbende velêre eksplosief geword. Die voorwaardes vir vormvariasie is hier dus aanwesig, en as ons daarby in aanmerking neem dat by hierdie groepe ww. die wisselende gedeelte in die reël voorafgegaan word deur 'n lang klank, dan is dit begrypelyk dat by afname van die ademdruk die moontlikheid vir klankwysiging aansienlik was, en allerlei wisselvorme kon ontstaan.

Hierdie wisselvorme is nie iets spesifiek Afrikaans nie, ook in Ndl. vind ons hulle, veral in Mnl., omdat hierin so baie dialekte opgeneem is en in teenstelling met die strewe na eenvormigheid van vandag, uiting gegee is aan 'n sug na afwisseling.

Gewoonlik is daar by verskil in vorm ook verskil in betekenis en die vraag is nou of daar by die wisselvorme in Afr. so'n betekenisverskil bestaan of besig is om te ontwikkel. Prof. Bosman maak melding van "die bewaring van die totaal oorbodige -e in werkwoordelike vorme soos: bidde, buie, drywe (vgl. Oor die Ontstaan van Afrikaans, bl. 99), Prof. T. H. le Roux praat van die verskillende taallae en die psigologiese faktor in verband met vorme op -f en -we (vgl. Afrikaanse Taalstudies, bl. 115), terwyl Dr. W. H. Venter, "tot die slotsom kom dat daar wel 'n sisteem bestaan in die gebruik van die verskillende wisselende werkwoorde en dat gevoelswaarde daarby 'n vername faktor is." (vgl. Prof. le Roux se verwysing na Dr. Venter se tesis: Die wisselende eindklank of -klanke van die ww. in Afr.)

Omdat 'n werklik uitgebreide ondersoek na die juistheid van hierdie drie uitsprake my te ver sal voer, wil ek my by enkele hoofsaake bepaal.

Groep 16:- en voorafgegaan deur stemh. alveolêre eksplosief

Die uitgange van die ww. van hierdie groep toon heelwat variasie; daar is vorme soos: arbei, beduie, geskied, belande, bevreem(d), e.d. wat hulself nie maklik laat indeel nie, want watter stelsel ook al gebruik word, altyd is daar uitsonderinge. Die enigste manier wat ek hier kan volg, sonder om gevaar te loop om van my onderwerp af te dwaal, is om die ww. te groepeer volgens wat oorgebly het van die Ndl.

-(d)en-uitgang, al <sup>real</sup> daar dan grensgevalle wees wat nie so volkome pas in 'n bepaalde ondergroep nie.

Dieww. van groep 16 kan ingedeel word as volg:

(1) Ww. wat Ndl. slot-den verloor het,

(11) Ww. wat slot-en verloor het,

(111) Ww. wat slot-n verloor het.

(1) Ww. wat Ndl. slot-den verloor het.

(a) arbei, begelei, berei, lei, skei, sprei, wei,  
bely, beny, bevry, gly, kasty, oorskry, ry,  
sny, stry, hou, volhou,  
bedui(e), krui(e), lui, verbrui,

(b) baai, braai, laai, raai, verraai, nooi;

(c) klee(d) ( aan-, be-, ont-, verkle(e)d ),  
knee(knie), smee(d), tree ( aan-, af-, be-, in-,  
op-, oortree); verbree(d) en bestee;

(d) verbeel, skel, vergul(d),  
bevreem(d), ontvreem(d), vervreem(d),  
aanvaar, dagvaar, vermoor.

Van bogenoemde ww. is daar enkele wat op -e kan uitgaan:

skeie, weie, beduie, krui(e) (Ndl. kruiden), knies,  
aftreë, optreë. Hiervan is beduie wel die algemeenste; die ander vorme op -e is nie so gebruiklik as die sonder -e nie.

Opm. Bedui en beduie is twee wisselvorme wat baie deurmekaar gehoor word. In sinne soos: Hy het my min of meer beduie of Laat ek jou nou presies bedui(e), word bedui en beduie willekeurig afgewissel sonder dat daar enige verskil in betekenis gemaak word.

By aandui wat nie soseer tot die gewone spreektaal behoort nie, word slot-<sup>gewoondlik</sup>e nie gehoor nie.

Opm. Ww. onder (b) is by groep 11 behandel.  
By die ww. onder (c) en (d) is die newevorme op -d seldsaam. By smee het ek nog nooit 'n -d gehoor nie, ewemin as by beklee in die betekenis van: 'n pos beklee stoele beklee. In die bybel is dit deurgaans beklee.  
Slegs in Gesang 7:2 het ek die -d aangetref: "Die swaeltjies behoed hy; bekleed met gras die dal. Vir aanklee word gewoonlik aantrek gebruik; 'n enkele maal word gekleed as verl.dlw. gehoor, terwyl sommige mense ook praat van verkleed. Terwyl ontvroom(d) en bevroom(d) nog met -d voorkom, word dit by vervroom steeds weggelaat, alhoewel vervreemd nog in die Wd.lys aangegee word. Die eerste twee woorde is seldsaam in die spreektaal ewenas deurknee(d) wat vernaamlik as verl.dlw. gebruik word.

(11) Ww. wat slot-en verloor het.

- (a) dood, oorreed, skaad, versmaad,  
aanbiéd, bespied, bied, gebied, geskied,  
ontbied, verbied, vlied,  
behoed, hoed, spoed, vergoed, vermoed;
- (b) duld, inbeeld, skuld, uitbeeld, versinnebeeld  
aanrand, aanwend, bevriend, brand, grond,  
klappertand skend, strand, verpand, versand,  
versend, verslind, wond,  
aard, aangord, antwoord, ontaard, bewoord,  
saamhord,  
verhard, verword, volhard.

Die meerderheid van bogaande woorde kom hoofsaaklik in die skryftaal voor en dit nog al in enigsins verhewe styl.

Behalwe aard, antwoord, bied(bieë), brand en skuld is hulle vreemd aan die gewone spreektaal, en dit geld veral vir die ww. op -ieden wat in Afr. hulle anorganiese -d behou.

Daar is een ww. met slot-e, bieë wat baie algemeen is. Die Wd.lys gee ook nog bespiede, 'n vorm wat, gesien die geringe gebruik daarvan, weinig bestaansreg het. In Afrikaanse Taalboek (bl.60) gee Prof. Malherbe ook aanrande antwoorde en skende, wat vandag stellig as verouderd kan beskou word.

(111) Ww. wat slot-n verloor het.

(a) bid(de);

(b) bevind(e), beland(e), bind(e), deurgrond(e),  
ondervinde, vinde, wende,  
geld(e), meld(e), kwytskeld(e), ontgeld(e),  
Vergeld(e), vermeld(e) vryskeld(e), wend(e),  
operd(e), word(e).

Behalwe vermeld(e), kwytskeld(e) en vryskeld(e) is al die vorme op-e tamelik algemeen; in die skryftaal kom hulle egter minder voor as in die spreektaal en, volgens my ondervinding, ook minder by die jeug as by die ouer geslag.

Binde en vinde kom voor in die praesens, die inf., en as verl. dlw. In die praesens kry ons nooit worde nie, altyd word.

Oor die algemeen is die vorme op -e as inf. en verl. dlw. talryker dan in die praesens.

Worde (uitgespreek worre) is ook bekend in Zaans en Hollands;

Boekenoogen meld: "Onbep. wys: worre --- deze vormen zyn merendeels ook elders in Holland gewoon"

(Zaansche Volkstaal bl.1230; vgl. ook Kloeke: Amsterdamsch Dialect).

Opm. Naas bidde het ek hier in die W. Provinsie ook skudde gehoor in: "Kom, laat ons dit uitskudde".

Meld(e) is in die Wdbk.B.v.d.M. en die Wd.lys opgeneem, maar die dunnelvorm vermeld(e) staan alleen in die Wd.lys opteken. Die vorm op -e is my onbekend; die bybel gebruik dit weinig en dan alleen sonder -e. Ndl. vermelden word daarin gewoonlik weergegee deur: roem, prys, verkondig, vertel of melding maak. Dit skyn dus of die vorm melde nie juis veel reg van bestaan meer het nie. Die Wdbk.B.v.d.M. en die Wd.lys het altwee kwytskel(d) en vryskel(d), terwyl in Afr. Taalbk. die byvorme op -e nog genoem word, wat egter vandag seldsaam is.

Samevatting van Groep 16.

By 'n oorsig van die hele groep vind ons dat:

is hierbo reeds een en ander opgemerk by hebben en hê.  
Hoewel die Akademie tot op hede van die drie bostaande  
ww. slegs kry as een en enigste vorm sonder -g erken, het  
ek die vorme leg en seg as ww. in die huidige skryf- en  
spreektaal nog nooit teëgekome nie. Moontlik word dit by  
hoë uitsondering deur ouer mense nog gebruik in: leg hy,  
seg hy, maar ek glo nie dat daar werklik voldoende rede  
is om die vorme langer te handhaaf nie. Ook in verbinding  
met voorvoegsels ontbreek die -g: aanlê, aflê, inlê, oplê,  
verlê, aansê, afsê, ontsê.

Wel het ek seg in die betekenis van byv. aangetref in  
die sin: "Wat sou die Cape Times se reaksie gewees het----  
as Die Burger die bostaande geskryf het, seg, van Natal"  
(Die Burger, 13 Sept. 1946), maar selfs so'n gebruik is  
skaars.

Ook verseg kom met -g voor in: Hy verseg om dit te  
doen en Dis nou verseg dat hy dit wil doen; maar hier is  
verskil in betekenis en as ww. sowel as bw. is die vorm  
met -g die gebrui<sup>k</sup>likste.

Die getal ww. waarby absolute wegval van Ndl. slot-<sup>en</sup>  
plaas gevind het, is dus aanmerklik minder as die wat  
-den verloor het.

(11) Ww. wat slot-en verloor het.

- (a) beraadslaag, daag, gewaag, opdaag, rouklaag,  
skraag, slaag, uitdaag, verdaag, verlaag, ver-  
saag, vertraag, vervaag, wegvaag,  
beweeg, pleeg, oorbrug, verseg,  
invlieg, lieg, vlieg,  
beoog, knipoog, loog, ophoog, poog, verhoog,  
daag, verheug,  
aantyg, dreig, hyg, kryg, neersyg, neig, styg,  
syg, byvoeg, toevoeg, vergenoeg, vervroeg;

- (b) besig, besigtig, eindig, ledig, lenig, matig,  
nuttig, reinig, spysig, verhewig, verewig,  
verenig, verlewendig, verwittig;
- (c) belg, delg, swelg, uitdelg, verdelg, walg, ver-  
erg, verg, waarborg, (ver)wurg, verberg.

Onder hierdie ww. is daar twee met byvorme op -e, wat alleen in die Wd. lys genoem word, nl. beweë en verge.

Die eerste is vir sover my bekend, uiters seldsaam en die tweede is verouderd; ons tref dit o.a. in een van Reitz se gediggies, waar verge moet rym op berge.

Opm. Behalwe wurg en verwurg het ek in die W. Prov. ook wurre en verwurre gehoor in die sin: Hierdie boordjie verwurre my. Prof. le Roux noem wurre ook in sy Beschr. Klankleer.

Sonder -g kan voorkom: lie, invlie, vlie, versê.  
Lie is 'n versagtende vorm van lieg; ons kry dit ook in die samestelling liemaak.  
Die Wdbk. B.v.d.M. gee net invlieg, die Wd.lys invlieg en invlie. Die eerste vorm is ongetwyfeld kragtiger en algemener, maar siende dat vlie 'n heel gewone vorm is en die Wdbk.B.v.d.M. en die Wd.lys naas bevlieg ook bevlie en selfs bevlieë opgeneem het, kaninvlie, wat tog ook voorkom, moeilik weggelaat word.  
Van verseg gee die Wd.lys net hierdie een vorm, terwyl die Wdbk.B.v.d.M. ook versê opgeneem het. Die eerste vorm is my die beste bekend.

'n Aansienlike deel van die ww. van ondergroep (11) is meer eie aan die skryf- as aan die spreektaal. In verband met die vorme op -g merk die Afr. Fon. (bl. 137) op: "Woorde van jonger datum wat aan Nederlands ontleen is, het sy aan die skryftaal, hetsy aan die spreektaal, soos kultuurwoorde in die algemeen, het net die vorm op -x die sogenaamde stamvorm: vervaag, slaag, vertraag."

Dit geld ewenwel nie vir al die woorde nie, want van die 65 ww. met konstante -g is daar minstens 18<sup>4</sup> wat tot die gewone spreektaal kan gereken word: beweeg, deug, loog, opdaag, ophoog, syg, (deursyfer), uitdaag, verdaag, verhoog, verlaag, verseg, vererg, walg, wurg. En woorde soos beledig, eindig, sondig, verenig e.d. het op heeltemal klankwettige wyse die slot-g bewaar sonder dat daar enige ander faktore moes by betrokke gewees het.

Daarom is die hierbo aangehaalde bewering te generali-

serfng.

Die behoud van die -g by hyg en lieg word aan die emosionele faktor toegeskryf. "Hierdie woorde sou hulle gevoelswaardê verloor as die skerp frikatief  $\chi$  moes verdwyn" (Afr. Fon., bl. 137). By lieg is dit seker die geval, maar by hyg wat in die spreektaal nie veel voorkom nie, kan dit net so goed 'n kwessie van Ndl. invloed wees. Die emosionele <sup>faktor</sup> dek ook nie die hierbo genoemde uitsondering nie, want hulle besit merendeels geen besondere gevoelswaardes nie.

(111) Ww. met wisselvorme wat slot-gen, -en of -n verloor het.

- (a) behae-behaag, belae-belaag, sae-saag, wae-waag,  
bedrieë-bedrieg, wieë-wieg,  
oorweë-oorweeg, opweë-opweeg, verpleë-verpleeg,  
weë-weeg,  
betoë-betoog, gedoë-gedoog,  
swoeë-swoeg, voeë-voeg,  
betuie-betuig, buie-buig, getuie-getuig, optuie-  
optuig, oortuie-oortuig, suie-suig, swye-swyg,  
bêre-berg, volge-volg;
- (b) bedra-bedraag, opdra-opdraag, verdra-verdraag,  
aanvra-aanvraag, afvra-afvraag, opvra-opvraag,  
vee-veeg  
spoe-spoeg;
- (c) aankla-aanklae-aanklaag, bekla-beklae-beklaag,  
dra-drae-draag, ja-jae-jaag, kla-klae-klaag,  
pla-plae-plaag, verkla-verklae-verklaag,  
bevlie-bevlieë-bevlieg, ê-êe-egge-eg,  
dro-droë-droog, ploe-ploeë-ploeg,  
ry-rye-ryg,  
êre-erge-erg, sôre-sorge-sorg, têre-terge-terg.

Die neiging van byna al die ww. van ondergroep (111) om in die byvorm -e te bewaar, is opvallend en die aantal -e-vorme is hier veel groter as by groep 16 (ww. op -den).

Woorde sonder byvorm op -e is skaars en beperk tot: vra, samestellinge met dra en vra, vee en spoe (seksie (b) ).

By seksie (b) en (c) is daar 'n neiging om die voorkeur aan die verkorte vorme te gee: dra, ja, kla, vra, dro, ploe.

Opm. Dra en vra het hulle mededingers soseer verdring, dat ook in samestellinge van enigsins deftiger aard die byvorme seldsaam is: bedra, opdra, afvra. Die Wd.lys gee nog die weinig gebruikte vorme dra en vraag, wat, en m.i. tereg, nie in die Wdbk.B.v.d.M. opgeneem is nie. Veeg wissel af met vee, wat hoelanger hoe meer veld wen, ook in samestellinge soos wegvee (wegveeg). Spee en spoeg doen diens as ww. en as snw. In die betekenis van "pas" word voeg gebruik; anders wissel voeg en voeë mekaar willekeurig af. Die Wd.lys en Wdbk.B.v.d.M. gee bedrieë en bedrieg, nie bedrie nie, wat egter meermale gehoor word, veral in 'n uitdrukking soos "lie en bedrie" en ook genoem word in Beschr. Klankleer (bl. 90-). Die Wd.lys het net bere opgeneem, die Wdbk.B.v.d.M. ook berg, wat gebruik word in verband met bergingswerk (salving) en dus 'n latere ontlening is. Die Wdbk.B.v.d.M. gee ook berg as byvorm in sinne soos: jou hoogmoed berg, jou lyf berg, sodat ons hier 'n voorbeeld het van verskil in vorm wat aansluit by verskil in betekenis. Die vorm volge moet ongetwyfeld as verouderd beskou word.

By êre, sôre en têre het ons weer oorgangsvorme wat -e van Ndl. -en bewaar het. Hulle is algemeen in die Boland, maar naas êre kom erg ook veelvuldig voor. (vgl. vererg) Dat buite die W. Prov. en die N.W.Kaappr. terge nie tot têre ontwikkel het nie, word toegeskryf aan die invloed van die daarnaas gebruiklike terg (Afr. Fon., bl. 109.)

Prof. le Roux maak onderskeid tussen die gewone en die oordragtlike betekenis by buie en buig (Afr. Taalstudies bl. 115). Hoewel buig ongetwyfeld die oorhand het in figuurlike taal, geld dit nie vir buie in die gewone betekenis nie. Sommige persone gebruik deurgaans buig, ander wissel dit willekeurig af met buie. Die bybel gebruik orals buig, ook in die letterlike betekenis. As daar werklik so'n onderskeid bestaan, sou 'n mens dit ook verwag by suig-suie, voeg-voeë, e.d., iets wat tog nie die geval is nie. In 'n klas van 30 senior-leerlinge van 'n hoërskool het almal sonder uitsondering buig, suig en voeg gebruik, toe ek die woorde in hulle alledaagse betekenis uit Engels laat vertaal het.

Hoe omsigtig daar met die emosionele faktor en die

taallaag moet omgegaan word, sien ons o.a. by: inryg, saag, verpleeg en weeg. Hierdie woorde wat meestal op -g uitgaan, besit geen besondere gevoelswaarde nie en is algemeen gebruiklik, terwyl hulle wisselvorme geen verband hou met gevoel, taallaag of betekenisverskil nie.

Aan die anderkant is daar by 'n woord soos vee, veral in die samestelling wegvee (wegve<sup>a</sup>g) wel sprake van emosie, en tog is die vorm sonder -g aan toeneem. 'n Mens kan moeilik beweer dat vee met die verlies van-g ook sy gevoelswaarde verloor het. In die ee kan net soveel uitdrukking krag gelê word as in die -g, en dit geld ook vir die -a van ja, kla en pla.

Opm. In seksie (a) is daar enkele woorde met 'n beperkte gebruiksfere wat byna altyd op -g uitgaan: behaag, belaag, betuig, gedoog, getuig, oortuig, oorweeg, opweeg en swyg. Die byvorme op -e, wat baie seldsaam is, het vanweë die aard van die woorde weinig lewenskrag en sal dit hoogswaarskynlik ook nooit hê nie. Wanneer byv. swyg in die skryftaal gebruik word, het dit altyd -g, terwyl dit in die spreektaal of by skrywers wat die spreektaal weergee, vervang word deur stilbly en stil wees, ook in die gebiedende wys. Swye kom wel voor as snw. en dan het dit soos alle gesubstantiveerde infe. 'n -e, maar as ww. is dit ewe skaars as: behae, belae, betuie, gedoë, e.a. Persone wat die woorde nodig het, gebruik die vorm met -g, sodat ek weinig nut sien in die erkenning van die -e-vorme.

#### Samevatting van Groep 17.

Onderstaande is die hoofkenmerke van die groep:

1. Die meeste woorde is geneig om -e in die byvorm te bewaar,
2. Die getal vorme op -e is veel groter as by Groep 16 (-den),
3. By die gebruik van die groot getal wisselvorme is dit nie betekenisverskil en gevoelswaarde wat die deurslag gee nie,
4. Ofskoon heelwat woorde hulle konstante slot-g aan Ndl. invloed te danke het, is die aantal uitsonderinge te groot, om dit as algemene reël te laat geld,
5. Daar is slegs drie woorde met absolute verlies van slot-genl. kry, lê en sê; hulle is dus veel minder

as die wat -den verloor het,

6. Die getal woordeop -ge is klein en hulle word selde gebruik: egge, terge, verge, volge.

Groep 18:-en voorafgegaan deur stemh.labiodontale Frikatief

Hierdie groep is ingedeel as volg:

- (1) Ww. wat slot-ven verloor het,  
(11) Ww. wat slot-en verloor het,  
(111) Ww. wat slot-en of slot-n verloor het (op -f of -we)  
(1) Ww. wat slot-ven verloor het.

bly en gee.

Net soos uit bove(n) - bowe - boë-bo ontstaan het, kon blyven en geven gereduseer word tot bly en gee. Op dieselfde manier kon glo en proe gevorm word.

In die betekenis van "taste " het die verkorte vorm proe so algemeen geword dat die byvorm proef wat nog in die Wd.lys en Wdbk.B.v.d.M. staan, selde of ooit gehoor word.

Opm. Die vorm skry vir skryf (skrywe) kom 'n enkele maal in ou Afr. tekste voor, maar dit is vandag onbekend en kan as hiperkorrekte skryfwoord beskou word. Skape of beeste uidy is beperk tot die taal van die Rehobotters (vgl. Rademeyer: Kleurling-Afrikaans bl.<sup>63</sup>)

- (11) Ww. wat slot-en verloor het.

behoef, bedroef, handhaaf, hoef, grief, groef, proef,  
snoef, troef, veroorloof, verstroef, vervyf, verwyf.

Met uitsondering van behoef, hoef, en troef en vervyf wat resp. tot die kaart- en voetbalspel beperk is, is hierdie woorde vreemd aan die gewone spreektaal.

Al die bostaande woorde gaan gereëld op -f uit en die byvorme bedroewe, behoewe, en veroorlowe, wat die Wd.lys aangee, is my totaal onbekend. Behoewe klink besonder vreemd naas hoef, wat nooit anders as met -f uitgespreek word nie en 'n alledaagse woord is, hoewel die Wd.lys dit nie opgeneem het nie.

- (111) Ww. wat slot-en of -n verloor het.

begraaf-begrawe, gfaaf-grawe, laaf-lawe, skaaf-skawe,  
slaaf-slawe, staaf-stawe;

begeef-begewe, kleef-klewe, leef-lewe, streef-strewe

sweef-swewe, vergeef - vergewe, weef-wewe;

kliëf-kliëwe, ontrief-ontriewe;

beloof-belowe, beroof-berowe, kloof-klowe, loof-lowe

sloof-slowe, stoof-stowe, verloof-verlowe, verdoof-verdowe;

beproef-beproewe, inskrœef-inskroewe, opskroef-opskroewe, vertoef,- vertoewe,

kluif-kluiwe, skuif-skuiwe, snuif-snuïwe, stuif-stuiwe, wuif-wuiwe;

bedryf-bedrywe, inlyf-inlywe, dryf-drywe, oordryf-oordrywe, skryf-skrywe, styf-stywe, vryf-vrywe;

bederf-bederwe, derf-derwe, durf-durwe, erf-erwe,

kerf-kerwe, swerf-swerwe, vermurf-vermurwe,

verwerf-verwerwe, werf-werwe;

bedelf-bedelwe, delf-delwe, dolf-dolwe, golf-golwe

kalf-kalwe, kolf-kolwe, salf-salwe, welf-welwe,

glo-geloof-gelowe, uitkalf-uitkalwe-uitkalwer.

Onder bostaande ww. is daar enkeles wat meestal op -f uitgaan en dit geld in die besonder vir: beproef, durf, kliëf, ontrief, verloof, vermurf, en vertoef, waarvan die byvorme op -we so seldsaam is, dat hulle m.i. gerus kan weggelaat word.

Van glo-geloof-gelowe is glo die gebruiklikste, terwyl gelowe so goed as nooit voorkom nie.

In verband met dolf-dolwe, wat deur sommige taalgelerdes beskou is as 'n ww. met opgeskewe verlede tyd, merk Prof. Boshoff (Volk en Taal), bl. 108) op dat dolven delven reeds in die 17e eeu as wisselvorme met praesensbetekenis bestaan het. In die Boland word vernaamlik delw dolwe gebruik, en in die Onderveld delwe, met verskil in betekenis. Die vorm dol (omdol) wat algemeengebruik word, vind ek nêrens opgeteken nie.

Terwyl die getal vorme met konstante slot-f heelwat kleiner is as die met konstante slot-g, is daarenteen die aantal wisselvorme, d.w.s. die byvorme op -e, van groep 18(111)

aansienlik groter as die van groep 17 (111).

Hoewel die gebruik van slot-f by enkele ww. oorweeg, wissel die meerderheid van die dubbelvorme mekaar willekeurig af. Aan hierdie wisseling het Prof. le Roux 'n hoofstuk gewy in sy Afrikaanse Taalstudies (bl. 105-135), waarin hy ook verwys na die proefskrif van Dr. W. H. Venter: Die wisselende eindklank of -klanke van die ww. in Afrikaans

Nadat Prof. le Roux sy eie taalgebruik vergelyk het met C. M. van den Heever s'n in die romans: *Op die Plaas* en *Kromburg*, kom hy tot die volgende konklusies:

- (a) Vorme op -we is talryker as die op -f.
- (b) Die hoofkategorie waarop die -we-uitgang berus is die taallaag;<sup>3</sup>/<sub>4</sub> m.a.w. die alledaagse ww. neem gewoonlik -we en die "kultuurwoord" -f.

Op bl. 114 noem Prof. le Roux dan enkele ww. uit die alledaagse omgang: bewe, belowe, dolwe, drywe, erwe, kerwe, klo-  
we, lawe, skrywe, vergewe; en enkeles wat hy tot die "kultuurgroep" reken en wat by hom steeds op -f uitgaan: loof, roof, stuif, sweef, vertoef, weef, wuif.

Die verskil tussen "hout klowe" en "die H ere het die Rooisee gekloof" dien ter illustrasie van die psigologiese faktor, terwyl daar verder nog op gewys word dat die simpleks tot die gewone taallaag kan behoort en die afleiding tot die "kultuurgroep", bv. drywe, verdryf.

Dit is wel waar dat 'n groot deel van die ww. met konstante slot-f weinig in die spreektaal voorkom, maar ww. soos behoef, durf, hoef, troef, verloof en vervyf maak tog 'n uitsondering hierop. Nog minder kan beweer word dat ww. uit die gewone omgangstaal altyd of byna altyd op -we eindig. Uit 'n verdere ondersoek wat Prof. le Roux ingestel het, blyk dit trouens duidelik dat H. G. Murray en Abel Coetzee oorwegend vorme op -f besig (tabel, bl. 120). En die feit dat die totaal vorme op -we van die ag ondersoekte werke die op -f in getal oortref, sê nog nie dat navorsers van ander werke nie tót 'nteenorgestelde

slotsom kan kom nie. Prof. le Roux gee toe <sup>dat</sup> eers nog 'n landswye ondersoek moet plaasvind alvorens voldoende sekerheid kan verkry word.

Om te probeer vasstel is <sup>n</sup> hoever Prof. le Roux se bevindings met die werklike spraakgebruik ooreenslaan, het ek in die loop van die jaar die spreektaal noukeurig beluister, die skryftaal noulettend nagegaan, enkele skrywers geraadpleeg en verskillende vorme in die bybel nageslaan. Tenslotte het ek dertig senior-leerlinge van die Goodwood Hoërskool getoets en sorg geëra dat hulle onbewus was van my oogmerk deur waar dit moontlik was die Engelse woord of sin te gebruik of net die eerste twee of drie letters van die Afr. woord te gee. Maar ten spyte van hierdie pogings kon ek weinig of geen sisteem in die gebruik van die wisselvorme ontdek nie.

Hieronder volg nou enkele voorbeelde van gewone spreektaalwoorde in aanhalings uit die bybel:

leef-lewe: En van jou swaard sal jy lewe,  
hy mag nie lewe nie,  
geen mens kan my sien en bly lewe nie  
nie vir altyd sal ek lewe nie,  
waarom bly die goddelose lewe,  
laat my siel lewe,  
u dodes sal herlewe,  
julle siel sal lewe.  
  
lewe julle vader nog,  
leef my vader nog,  
ek leef in ewigheid,  
my verlosser leef,  
gaan, jou seun lewe,  
u kind lewe,  
so waaragtig as ek lewe, sê die here,  
en ek leef nie meer nie, maar Christus  
leef in my.

en wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur  
die geloof in die Seun van God,  
ja, al lewe hy ook 2000 jaar,  
bekeer julle dan en lewe,  
want almal lewe deur hom.

vergeef-vergewe:

Vergeef mekaar soos God julle vergewe het.

Vergewe mekaar soos Christus julle vergeef het.

Bostaande voorbeelde spreek duidelik vir die gebrek  
aan enige sisteem. Die enigste feit wat opval is,  
dat lewe deurgaans in die infe. voorkom.

kloof-klowe:

hy het die houg gekloof,  
hulle het die hout van die wa gekloof,  
wie hout klowe,  
en die see het u vir hulle geklowe,  
hy het die see gekloof,  
hy het die rotse geklowe.

Vir die bybelvertalers het die onderskeid wat Prof. le  
Roux maak dus nie bestaan nie.

Die toets in die skool het o.m. die volgende resultate  
opgelewer:

kloof-klowe:

Van die 30 leerlinge het 15 hout gekloof en  
die res hout klowe,  
24 het: Die Here het die see gekloof en  
6 klowe.

skryf-skrywe:

Van die 30 leerlinge het 29 skryf in die  
praesens 28 as verl. dlw. en 23 in die inf.

dryf-drywe(float):

25 leerlinge het dryf in die praesens gebruik  
23 as verl. dlw. en 19 in die if.

Ook by die leerlinge is die verskil tussen kloof en klowe  
dus nie juis merkbaar nie, terwyl hulle by die alledaag-  
se woorde soos skryf en dryf die voorkeur gee aan die

-f-vorm.

Vervolgens nog enkele voorbeelde van minder gebruiklike ww.:

sweef-swewe:

die gees van God het gesweef,  
soos 'n arend -- sweef,  
sou ek oor die bome gaan swewe (3keer Rigters 9),  
'n emmer swewe. (L. Maré: Die Putgrawer, bl. 124.)

weef-wewe:

en spinnerakke weef hulle,  
die onderkleed was gewewe.

verdryf-verdrywe:

hy het hulle verdrywe,  
as sy hom verdrywe,  
ek verdrywe julle.

bedryf-bedrywe:

sal oorspel bedrywe;  
sal rou bedryf,  
as sy onreinheid bedrywe.

Naas berooft, kleef en streef is daar ook vorme op -we. Bostaande voorbeelde toon dat dit nie opgaan om aan die taallaag soveel waarde toe te ken en dit as die deurslaggewende faktor te beskou nie. Buitendien is daar nog soveel ander faktore in die spel wat algar in meerdere of mindere mate van invloed kan wees. Daar is bv. die magtige faktor van lokaliteit. So skryf Prof. Malherbe in Afrikaanse Taalboek (bl. 60): "In die Boland, tenminste in die Pêrel en omstreke word die vorme met -e --- byna uitsluitend gebruik. In die binneland by name Vrystaat en Transvaal het die vorme op medeklinkers veel meer speelruimte -----".

Taamlik gangbaar is skryf, leef, beloof, bederf....." Dit is ook my onderwinding, terwyl dit my verder opgeval het dat vorme verskil van distrik tot distrik, van familie tot familie en selfs van persoon tot persoon.

Verder kan die gebruik van bepaalde vorme ahang van opvoeding, stand, beroep, ouderdom(geslag). Ook is

dit moontlik dat 'n skrywer sekere vorme bewus aanwend waarby sy stemming op 'n bepaalde oomblik van invloed kan wees, terwyl dit aan die ander kant nie uitgesluit is dat hy onbewus 'n sekere vorm byna konsekwent gebruik omdat hy toevallig daarmee begin het nie.

Tenslotte is daar ook verskil na gelang van die werkwoordelike funksie.

Uit die voorbeelde onder leef-lewe blyk dit dat in die inf. vorme op -we domineer. In my bogenoemde toets was dit opvallend dat heelwat leerlinge in die inf. meer -we-uitgange gebruik het as in die praesens.

<u>skrywe</u> :	praesens : 1,	<u>drywe</u> - praes.: 5
	inf. : 7	inf. : 11
<u>swewe</u> :	praesens : 0	<u>wewe</u> - praes.: 0
	inf. : 5	- inf. : 2
<u>klowe</u> :	praesens : 10	<u>lewe</u> - praes.: 17
	inf. : 15	inf. : 21

Hierdie voorkeur aan die -we-vorm sien ons duidelik by die inf. van drywe, skrywe en veral by swewe wat in die praesens orals sweef het.

Van al die woorde wat ek opgegee het, was daar slegs drie wat deurgaans op -f geëindig het, nl. bedroef, kliëf en roof. Al die ander ww. het in die inf. meer vorme op -we gehad as in die praesens.

Ook uit Prof. le Roux se ondersoek blyk dat vorme op -we die talrykste is in die inf. (bl. 121, t.a.p.) Hy vermoed dat die historiese faktor hier van invloed is, "maar aansienlik sal dit wel nie wees nie." By deeglike kenners van Nederlands kan daar miskien sprake wees van die historiese faktor, maar by die hedendaagse Hoërskooljeug kan die voorliefde vir -we in die inf. in elk geval nie daaraan toegeskryf word nie.

Prof. Malherbe stel dit as volg: "Oor die algemeen is vorme op -f (en -g) vreemd aan die inf., min gebruiklik in die teenwoordige tyd, meer bekend in die verlede deelwoord." (bl. 60, t.a.p.) Miskien is hierdie

bewering enigsins te omvattend, maar by die geringe invloed wat die historiese faktor, vernameelik by die jeug, kan <sup>uitoefen</sup> vervul, moet met die ww. funksie wel deeglik rekening gehou word.

En dit geld in besondere mate vir die inf. met "aan" "te", of "om te", wat in Afr. heel gewoon is. Hiertog sien ons baie vorme op -e selfs by ww. wat hulle anders nooit het nie, soos: aan drinke raak, aan huile gaan, te hore kom, te kere gaan, te kenne gee, te kampe hê, te siene kry, te wyte aan, ens. In 'n sin soos: Ek het hom gevra om my tog maar te vergewe, en: Daar is niks te belewe nie, gee baie sprekers voorkeur aan die -we-uitgang, enkel en alleen omdat hulle nou eenmaal gewoont is om na "aan" of "te" 'n vorm op -e te gebruik.

As 'n mens dink aan al die verskillende faktore wat by hierdie saak betrokke kan wees en jouself afvra of die taallaag dan soveel kragtiger is as hulle, dan kan die antwoord nie bevestigend wees nie. In baie gevalle hang die gebruik van -f of -we nie van die taallaag af nie; dit is slegs een van baie faktore en in die lig van die kennis wat ons tot dusver besit is dit nie doenlik om 'n algemeen geldende sisteem of reël te abstraher, wat genoeg gevalle dek om die bestaan daarvan te regverdig nie.

#### Samevatting van Groep 18.

1. Die aantal ww. wat slot-e in die byvorm bewaar het, is hier groter as by die twee voorafgaande groepe,
2. Die gebruik van vorme met of sonder slot-e is groten-deels willekeurig; heelwat faktore kan mekaar hier kruis en nog semantiese verskil, nog gevoelswaarde, nog taallaag is van so groot gewig dat ons met reg van 'n sisteem kan praat nie,
3. Vorme met -we kom veral voor in die inf., en in besonder in die inf. met "aan" of "te",
4. Die getal ww. met konstante slotmedeklinker (-f) is kleiner as by groep 16 en 17, hulle het merendeels 'n

beperkte gebruiksfeer,

5. Daar is slegs twee ww. met absolute verlies van slot-ven: bly en gee.
6. In teenstelling met die twee groepe is hier by die wisselvorme met twee vorme: glo en proe, wat al byna enkelvorme geword het.

## Uitkoms van Studie.

## Slot-en in Ndl.

- I. word in Afr. gevelariseer tot -ing in woorde soos doring, horing, koring onder omstandighede soos uiteengesit deur Prof.D.B.Bosman in De Nieuwe Taalgids, XXXI, p.58 vlg.;
2. bly in Afr.bewaar
- (a) na -k in :baken, deken, diaken, kuiken, laken, teken, soos t.a.p. uiteengesit;
- (b) onder invloed van die ww. in leuen, reën, seën, wapen
- (c) onder invloed van die Ndl. skryftaal in :  
amen, bekken, Christen, degen, eksamen, gulden, heiden
- (d) by die voors. teen en tussen as gevolg van <sup>en buiten (behalwe)</sup> klankliëring in die sin (sandhi) .
3. word -e in Afr.
- (a) by alle sterk verlede deelww. ( behalwe die deelwoord-vorm dronk) en gewone adjj. soos effe, eie, ewe, geneë, goedertiere, tevrede, verkoue, verleë, wyle, ( ope naas die gewone vorm oop staan onder Ndl. invloed) ;
- (b) by alle snww. vir sover die nie onder 2 ( a,b,c) of 4 (a) val nie: gewete, leerjonge, hawe, hede, lewe, linne, midde, môre, Noorde, stewe, Suide ;
- (c) by alle partikels ( behalwe teen en tussen) soos almelewe, henoorde, besuide, binne, howe, buite, hede, selde, tevore, vanmelewe ;
- (d) by 'n groep infinitiewe, voorafgegaan deur -d, -g of -v, soos belande, bidde, binde, gelde, melde, vinde, bêre, buie, sôre, suie, têre, weë, belowe, grawe, lewe, skawe, styre,  
en by enkele infinitiewe, voorafgegaan deur -f, (-i), -l, -n, -r, of -w, soos afstowwe, plowwe, strawwe, kruie, spelle, beginne, geware, hernuwe, vermurwe, vernuwe.  
asook in enkele vaste uitdrukkinge soos te dankeaan, te wyte aan, en in bepaalde gevalle by infe. na te en aan, soos in te hore kom, te kere gaan, aan huile gaan, wat vermoedelik algar onder Ndl.invloed staan.

## 4. val weg in Afr.

- (a) by morg, vark en ( vir sover hulle kan beskou word as woorde wat in Ndl. op -en eindig) meul, vul, wat vermoedelik nuwe analogiese enkelvoudsvorme is, en die vorm wa ( vermoedelik saamgetrek uit wae );
- (b) by alle stoflike bnww. uitgesonderd goue en looie ( waarnaas ook goud en lood voorkom) erde en linne ;
- (c) by alle infinitiewe soos tob, juig, bring, kraak, skaam, gaap, las, baat, aas, hef, draai, daal, gaan, bedaar, bou, ens. benalwe die hierbo genoem onder3(d)
- (d) by partikels, uitgesonderd teen en tussen ( sien I d) soos bo, oop en saam. Naas saam kom ook voor same en naas oop ook ope .

## Bibliografie

### Geraadpleegde Boeke :

- Blancquaert E. : Practische Uitspraakleer van de  
Nederlandsche Taal .
- Boekenoogen G.J. : De Zaausche Volkstaal .
- Boshoff S.P.E. : Volk en Taal van Suid-Afrika .
- Bosman D.B. : Oor die Ontstaan van Afrikaans .
- Bouman en Pienaar: Afrikaanse Spraakkuns .
- de Vooy's C.G.N. : Verzamelde Taalkundige Opstellen Dl.2 .
- Franck J. : Mittelniederländische Grammatik .
- Heeroma K. : Hollandse Dialektstudieën .
- Hesseling D.C. : Het Afrikaans .
- Jespersen Otto : Growth and Structure of the English  
Language .  
Philosophy of Grammar .
- Kluyver A. : Eenheid en Verscheidenheid in de Taal.
- Kollewyn R.A. : Opstellen over Spelling en Verbuijing .
- le Roux J.J. : Handleiding in het Afrikaans .
- le Roux T.H. : Afrikaanse Taalstudies .  
Beschryvende Klankleer van het Afrikaans
- le Roux en Pienaar: Afrikaanse Fonetiek .
- Malherbe D.F. : Afrikaanse Taalboek .
- nauta G.A. : Taalkundige Aanteekeningen naar aanlei-  
ding van de Werken van G.A. Bredero .
- Overdiep G.S. : Stilistische Grammatica .
- Rademeyer J.H. : Kleurling- Afrikaans .
- Roorda P. : De Klankleer en hare Practische Toepas-  
sing .
- Schönfeld M. : Historiese Grammatika van het Nederlands
- Te Winkel J. : Grammatiese Figuren .
- van Ginneken Jac. : De Roman van een Kleuter .
- van Helten W.L. : Middelnederlandsche Spraakkunst .  
Vondel-Grammatica .
- van Lessen J.H. : Samengestelde Zelfstandige Naamwoorden  
in het Nederlandsch .

Verdam J. : Uit de Geschiedenis der Nederlandsche  
Taal .

Zwaardemaker en Eykman : Leerboek der Phonetiek .

Proefskrifte

de Villiers A.J.: Die Klankleer en Vormleer van  
Johanne Duminy se Taal .

Smuts J. : 'n Onderzoek na die Ontwikkelingstadium  
van Afrikaans teen die Tyd van die  
Groot Trek .

Tydskrifte .

De Nieuwe Taalgids .

Die Huisgenoot .

Taal en Letteren .

Tydschrift voor Nederlandsche Taal- en Letterkunde .

Tydskrif vir Wetenskap en Kuns .